Wim Dreyer

'n Passie vir die lewe

Tessa Oppermann

Dr Wim Dreyer is pas aangestel as die nuwe Sekretaris vir Apostolaat, nadat ds Leon Nell emeritaat aanvaar het. Hy aanvaar op 1 September diens in Pretoria. Sy antwoorde op ons vrae wys duidelik: hierdie man het 'n passie vir die lewe.

Ek onthou 'n stillerige hoërskoolseun, 1974, op 'n pelgrimstoer na Europa en Israel. Nou, soveel oorsese reise later, wonder mens: Wat laat 'n wêreldreisiger elke keer terugkom na Suid-Afrika?
Die reis in 1974 was saam met my ouers. Daar het my liefde vir reis posgevat – die avontuur om nuwe plekke en nuwe ervarings te beleef. Elke land en gemeenskap se geskiedenis en kultuurgoed is vir my aangrypend mooi. Juis die belewenis van en waardering vir ander kulture skep 'n waardering vir jou eie mense en kultuur. Dit skep die vryheid om nie net ander se taal en kultuur te bewonder nie, maar ook jou eie. Suid-Afrika bly een van die mooiste lande ter wêreld. Ek geniet die rustige en gesofistikeerde lewenstyl in Europa, maar Afrika is waar die uitdagings lê en waar mens 'n bydrae kan maak.

Van die reise was ter wille van kongresse. Hoe ernstig word 'n Afrikaanssprekende Hervormer uit Suid-Afrika in die buiteland opgeneem?
Tydens 'n besoek aan die Wêreldraad van Kerke in Genève het ek besef hoe ernstig Suid-Afrika opgeneem word. Predikante wat die afgelope tyd in die ekumeniese wêreld beweeg het, bevestig dit. Die Afrikaner en die Hervormde Kerk word nie onderskat nie. In die buiteland is daar buitendien nie die onderskeid tussen Afrikaners en ander Suid-Afrikaners, tussen *verskillende soorte* Suid-Afrikaners nie – dit leef net in ons eie gedagtes. As jy van Suid-Afrika kom, word jy beskou as 'n Suid-Afrikaner en as sodanig ernstig opgeneem. Juis omdat ons as Afrikaners bereid is om 'n bepaalde rol in Afrika te speel, word ons deur die buiteland ernstig opgeneem. Daar is begrip vir die kundigheid onder Afrikaners en die waarde wat dit toevoeg tot 'n land soos Suid-Afrika.

Talle van die oorsese reise het met skermkuns te doen gehad. Vanwaar die belangstelling én bedrewenheid in skerm, 'n sport waarin veral Europese lande uitblink?
Ek het as skoolseun op Afrikaans Hoër Seunskool aan skerm begin deelneem. Skerm is een van die oudste Olimpiese sportsoorte en vereis baie dissipline en tegniese vaardigheid. Ek het etlike jare onder die Britse Olimpiese afrigter, Ken Pearson, geoefen. Daarna het ek in Frankryk, Duitsland, Luxemburg en Israel saam met hulle nasionale en Olimpiese spanne geoefen. Ek het in 1982 die eerste keer Springbokkleure ontvang, die laaste keer Proteakleure in 2000. In 1992 was ek deel van die span wat Suid-Afrika se hertoelating tot die Internasionale Olimpiese beweging bestuur het, en was ek afrigter van die eerste nasionale skermspan wat amptelik aan 'n wêreldkampioenskap in Genoa deelgeneem het. Daarna was ek afrigter van die Junior Proteas by die wêreldkampioenskappe in Turkye, Sicilië en Bulgarye. In Augustus vertrek ek weer na Turkye as afrigter van die SA studentespan wat aan die Wêreld Universade deelneem. Ek rig hoofsaaklik juniors af, waarvan heelwat reeds junior en later senior SA kampioene geword het.

Vertel ons van jou belangstelling in die klassieke kitaar.
Ek is fanaties oor klassieke musiek. Dit is die grootste teleurstelling van my lewe dat ek nie tyd kry om behoorlik musiek te kan studeer nie. Ek speel al sowat dertig jaar kitaar. My gunsteling kitaar is 'n Takamine Classic wat ek in 1985 vir R500 gekoop het, en wat nou sowat R10 000 werd is. Omdat ek nie baie tyd kry om nuwe musiek te leer nie, speel ek deesdae almeer blues, jazz en folk.

Hoe raak die nuwe aanstelling al jou ander bedrywighede, onder meer as skriba van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering en dosent in Kerkgeskiedenis aan die Universiteit van Pretoria?

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het besluit dat ek kan aanbly as skriba van die Kommissie. Navorsing en doseerwerk is 'n integrale deel van die pos van die Sekretaris vir Apostolaat, soos omskryf deur die Kommissie.

Van 1992 tot 2001 het jy in die redaksie van *Die Hervormer* gedien, van 1996 as redakteur. Baie dinge het intussen verander. Hoe sien jy vandag die rol van *Die Hervormer* en *Konteks* binne die kerk en daarbuite?
Die periode na 1994 was baie moeilik vir die kerk en die Afrikaners in die algemeen. Dit was 'n tyd van politieke spanning en ontnugtering. Teologiese verskille het op die voorgrond getree. Sommige het selfs gepraat van 'n vurk in die pad. In daardie stadium het ek as redakteur probeer om so te skryf en te reflekteer dat dit lidmate kon help om die situasie beter te verstaan en te verwerk. Ek het doelbewus debatvoering in *Die Hervormer* toegelaat, in 'n poging om kerklike eenheid te bevorder. In 'n sekere sin was dit krisisbestuur. Tans gaan die debat oor die herposisionering van die kerk in 'n getransformeerde samelewing. Almeer mense raak los van die kerke, hulle aanvaar nie kerklike gesag nie en bevraagteken tradisionele standpunte. Daar is 'n miljoen Afrikaanssprekendes in die buiteland. Die kerklike tydskrifte sal binne die raamwerk van postmoderne denke lidmate moet help om hulle geloof sinvol te verwoord en kerklik meelewend te bly.

Vandag is dit byna gevaarlik om belangstelling in en simpatie met die Afrikaner se geskiedenis te toon. Jy het dikwels by Gelofte- en ander volksfeeste opgetree. Trouens, in jou proefskrif kom jy tot die gevolgtrekking dat die Hervormde Kerk groter waarde heg aan sy verbintenis met die volk as met die owerheid. Waar lê die deursnee Hervormer se lojaliteit vandag?
Dit is opvallend dat die Hervormde Kerk vanweë sy geskiedenis en lotsgebondenheid met die Afrikaner nog altyd ruimte en waardering gehad het vir die Afrikanervolk en -kultuur. Daarteenoor was die NG Kerk altyd meer begaan oor die verhouding met die owerheid en die Gereformeerde Kerke oor die Staat. Daar het nie veel verander nie; inteendeel, ek meen die deursnee Hervormer se lojaliteit lê steeds by die volk, eerder as by die owerheid of een of ander staatsidee. Vanuit die kerklike perspektief moet ons egter besef dat sowat 60% Afrikaners kerklos is en besig is om te verval in 'n nuwe heidendom. Die Hervormde Kerk is in 'n unieke posisie om deur konstruktiewe apostolaat hierdie mense te bereik. Daarvoor sal kerklike en teologiese integriteit vereis word, sodat mense se vertroue in die kerk herstel kan word.

Daar het verskillende publikasies oor kinders uit jou pen verskyn. Vanwaar dié besondere belangstelling?
Die feit dat ek self vier seuns het, maak dat ek kinders ernstig opneem. Ek geniet dit om met jongmense te werk – daarom dat ek verkies om jongmense af te rig. Kategese in die gemeente en doseerwerk aan studente is vir my 'n fees. Met my navorsing oor die sakramente en spesifiek die doop het ek besef dat die kind vanweë die verbond en die doop volwaardig lidmaat van die kerk is. Dit is ook so in die nuwe Kerkorde verwoord.

Dit is duidelik dat Wim Dreyer 'n presteerder is: onderskeidings, publikasies, deelname aan verskillende rade, toekennings. Het jy reeds 'n persoonlike stempel vir die nuwe pos in gedagte?
Die opdrag van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering is dat die volle spektrum van die kerklike apostolaat aandag moet kry. Dit sal vanselfsprekend navorsing verg. Daarnaas sal gemeentes en kerkrade toegerus moet word om binne 'n postmoderne samelewing missionêr te werk. Ons sal ons fokus moet verskuif van die pastorale versorging van lidmate na die missionêre bediening aan die wêreld. Die Here se opdrag is immers dat ons na die wêreld moet gaan met die evangelie. Hierdie denkskuif is een van die sake wat ek moet help fasiliteer.

Ten slotte: die aanstelling verg opofferings. Die verhuising na Pretoria is immers 'n omwenteling vir die hele gesin. Hoe sien hulle die veranderings?
Om afskeid te neem, is altyd traumaties. Trek is groot en swaar werk. Dit is moeilik vir Gerda en die kinders, maar hulle het begrip daarvoor dat 'n predikant van die Hervormde Kerk in diens van die Here staan, en daarom ook by tye opofferings moet maak om sy roeping te gehoorsaam. Daarvoor is ek dankbaar.

PRYS 1/3

ALMANAK

van die

Nederduitsch Hervormde Kerk
van Afrika

1946

Uitgegee vanweë die Algemene Vergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk

40ste JAARGANG

W.P.—49511—13-10-45

UNIVERSITEIT VAN DIE
WITWATERSRAND

JOHANNESBURG

Waarby ingelyf is

DIE SUID-AFRIKAANSE SKOOL
VAN MYNE EN TEGNOLOGIE.

★

Die Universiteit bied Graadkursusse aan in die volgende Fakulteite:

LETTERE
NATUURWETENSKAPPE
MEDISYNE
INGENIEURSWESE
HANDEL
REGSGELEERDHEID
TANDHEELKUNDE
BOUKUNDE

★

asook verskeie Diplomakursusse.

VIR INLIGTING
SKRYF AAN
DIE REGISTRATEUR,
MILNERPARK,
JOHANNESBURG.

ALMANAK

VAN DIE

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika

1946

Hoof Redakteur: Prof. Dr. S. P. ENGELBRECHT
Onder-Redakteur: Ds. J. J. PRINSLOO, Gsn.
Redakteur van statistieke: Mnr. J. H. H. JANSON

NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK AFRIKA

40ste JAARGANG

Die tye van sonop- en ondergang wat in die Almanak aangegee word is op die Standaard-Meridiaan (30°) en breedtegraad -26°. Dit is bereken vir 26° Suid, wat ooreenkom met 'n lyn wat *deur* Lourens Marques en halfpad tussen Pretoria en Johannesburg loop. Die Standaard-meridiaan (30°) loop naasteby deur Ermelo. Vier minute moet toegevoeg word vir elke graad wat 'n plek ten weste van 30° geleë is, en 4 minute afgetrek word vir elke graad wat dit ten ooste van 30° lê.

VERDUISTERINGS 1946.

Gedeeltelike verduistering van die son Januarie 3. Onsigbaar in die Unie.
Gedeeltelike verduistering van die son Mei 30. Onsigbaar in die Unie.
Totale verduistering van die maan Junie 14. Maan kom binne halfskaduwee 5.22 nm. Maan kom binne kernskaduwee 6.44 nm. Totale verduistering begin 7.53 nm. Midde van verduistering 8.39 nm. Totale verduistering eindig 9.25 nm. Maan verlaat kernskaduwee 10.34 nm. Maan verlaat halfskaduwee 11.45 nm.
Gedeeltelike verduistering van die son Junie 29. Onsigbaar in die Unie.
Gedeeltelike verduistering van die son November 23. Onsigbaar in die Unie.
Totale verduistering van die maan Desember 8. Maan kom binne halfskaduwee 5.12 nm. Maan kom binne kernskaduwee 6.10 nm. Maan opkoms Johannesburg 6.46 nm. Totale verduistering begin 7.19 nm. Midde van verduistering 7.48 nm. Totale verduistering eindig 8.17 nm. Maan verlaat kernskaduwee 9.26 nm. Maan verlaat halfskaduwee 10.24 nm.

PUBLIEKE VAKANSIEDAE 1946.

Nuwejaarsdag	Dinsdag, 1 Januarie
Eerste Lydensweek	Sondag, 3 Maart
Tweede Lydensweek	Sondag, 10 Maart
Derde Lydensweek	Sondag, 17 Maart
Vierde Lydensweek	Sondag, 24 Maart
Vyfde Lydensweek	Sondag, 31 Maart
Sesde Lydensweek	Sondag, 7 April
Sewende Lydensweek	Sondag, 14 April
Biddag vir Oes	Sondag, 7 April
Goeie Vrydag	Vrydag, 19 April
Paasmaandag	Maandag, 22 April
Hemelvaartsdag	Donderdag, 30 Mei
Ryksdag	Vrydag, 24 Mei
Uniedag	Vrydag, 31 Mei
Koning se Verjaarsdag	Maandag, 5 Augustus
Publieke Vakansiedag	Maandag, 7 Oktober
Dankdag vir Gesaaides	Sondag, 6 Oktober
Dingaansdag	Maandag, 16 Desember
1e Kersdag	Woensdag, 25 Desember
2e Kersdag	Donderdag, 26 Des.

SEISOENE 1946.

S.A. STANDAARD-TYD.

21 Maart om 7.33 nm. Najaar begin.
22 Junie om 2.45 nm. Winter begin.
23 September om 5.41 nm. Voorjaar begin.
22 Desember om 12.54 nm. Somer begin.

INHOUD.

	Bls.
Voorberig	
Fees- en Vakansiedae	2
Historiese Kalender	5
Teol. Prof. en Studente 1945	17
G. M. J. Geers — Prof. S. P. Engelbrecht	18
Die Twee Getuies — Ds. J. J. Prinsloo, G.sn.	33
Mathys Martinus Bezuidenhout — Prof. S. P. Engelbrecht	41
Oor 'n Vroeëre Predikante-kleredrag — Prof. S. P. Engelbrecht	43
Hendrik Heugh Munro — Prof. S. P. Engelbrecht	46
Begrafnis van Marius Joseph Goddefroy — Dr. J. A. Valks	51
T. J. Mulder — Prof. S. P. Engelbrecht	53
Gerh. Joh. Engelbrecht — Prof. S. P. Engelbrecht	55
Indrukke van my eerste jare in Transvaal — J. van Melle	58
My ondervindings as onderwyser in die S.A.R. — B. J. Ockeloen	63
P. J. L. Venter — Prof. S. P. Engelbrecht	71
Die ontslag van C. G. de Jonge — Dr. J. Ploeger	72
Ned. Herv. Kerk Kommissies	86
Vroeëre Predikante sedert 1853	88
Diensdoende Predikante Nov. 1945	89
Teologiese Fakulteit	91
Ringe en Gemeentes	92
Ned. Herv. Sustersvereniging	130

VOORBERIG.

Dit verheug die redaksie dat daar verbetering gekom het in die papierskaarste. Dit is nog nie soos dit moet wees nie, maar ons kon die Almanak tog weer groter maak as dit die vorige jaar was. Daar is nog verskillende portrette wat op plaatsing wag, sodat nog geduld geoefen sal moet word.

Die bede van die vorige jaar is verhoor. God het vrede geskenk. Mag dit ook vrede wees in die hart van die gelowige, want alleen dan sal dit moontlik wees om in hierdie verwarrende tye die lig van Jesus Christus te laat skyn.

'n Hartlike groet en 'n geseënde Nuwe Jaar!

S. P. ENGELBRECHT.

JANUARIE, 31 DAE.

Dag van die Week.	Dag van die Maand.	MAANSVERANDERINGS. Nuwe Maan, 3de, 2.30 nm. Eerste Kwartier, 10de, 10.27 nm. Volle Maan, 17de, 4.45 nm. Laaste Kwartier, 25ste, 7.00 vm.	Sons opg. vm.	Sons ond. nm.
D	1	Verskyning van die Almanak, 1907.	5 18	7 03
W	2	Oorgawe van Jameson, 1896.	5 19	7 03
D	3	Ds. P. J. L. Bierman op Gwelo georden, 1937.	5 19	7 03
V	4	Kommando teen Dingaan, 1840.	5 20	7 03
S	5		5 21	7 04
S	6	Inswering van Pres. M. W. Pretorius, 1857 Die Vierkleur te Potchefstroom gehys, 1857	5 22	7 04
M	7	Ds. L. E. Brandt te Niezyl georden, 1901. Ds. H. W. Grey te Newlands georden, 1939.	5 23	7 04
D	8	Dr. J. J. Strydom op Zwartruggens georden, 1932. Ds. J. G. M. Dreyer te Potchefstroom bevestig, 1938.	5 23	7 04
W	9	Ds. D. P. Ackerman te Wakkerstroom bevestig, 1875. Ds. P. v. Drimmelen te Pietersburg bevestig, 1915. Ds. S. Vermooten te Pretoria bevestig, 1926.	5 24	7 04
D	10	Stigting van die Gereformeerde Kerk, 1859.	5 25	7 04
V	11	Ds. A. J. Barger te Bovensmilde georden, 1914.	5 26	7 04
S	12	Ds. J. J. Kuhn te Zwartruggens bevestig, 1916.	5 26	7 04
S	13		5 19	6 58
M	14	Die Kerk van Wolmaransstad ingewy, 1911.	5 28	7 04
D	15		5 28	7 04
W	16		5 29	7 04
D	17	Sandrivier Konvensie, 1852. Ds. P. J. J. Venter te Klerksdorp bevestig, 1930.	5 30	7 04
V	18	Ds. J. J. Engelbrecht te Zwartruggens bevestig, 1941. Eerste Gekomb. Kerkverg. aan die Kaap gehou, 1746.	5 30	7 04
S	19	Die Kaap 'n Engelse Kolonie, 1815.	5 31	7 03
S	20	Generaal P. J. Joubert gebore, 1831.	5 25	6 57
M	21	Die Gemeente Rustenburg gestig, 1850. Dr. H. C. M. Fourie te Erasmus georden, 1911.	5 33	7 03
D	22	Dr. C. H. Rautenbach te Erasmus georden, 1927. Ds. A. Brandt te Rensburgrust bevestig, 1938.	5 33	7 03
W	23	Slag by Spioenkop, 1900.	5 34	7 03
D	24	Ds. J. J. Prinsloo te Krugersdorp bevestig, 1920.	5 35	7 03
V	25		5 35	7 03
S	26		5 36	7 02
S	27	Ds. A. J. Begemann te Pretoria bevestig, 1861.	5 37	7 02
M	28	Slag van Laingsnek, 1881.	5 38	7 02
D	29	Ds. A. J. Barger te Ooslonden bevestig, 1938.	5 38	7 02
W	30	Die Holl. taal in die Kaapse Geregshowe belet, 1824.	5 39	7 01
D	31		5 40	7 01

Inligtings oor Maansveranderings verkry van S.M. Skeepsalmanakkantoor.

FEBRUARIE, 29 DAE.

Dag van die Week.	Dag van die Maand.	MAANSVERANDERINGS. Nuwe Maan, 2de, 6.43 vm. Eerste Kwartier, 9de, 6.28 vm. Volle Maan, 16de, 6.28 vm. Laaste Kwartier, 24ste, 4.36 vm.	Sons opg. vm.	Sons ond. nm.
V	1	Die Kerk van Endracht ingewy, 1919.	5 41	7 00
S	2	Ds. D. J. v. Staden op Newlands geordeen, 1936.	5 42	7 00
S	3	Generaal C. de Wet oorlede, 1922. Ds. D. J. v. Staden te Randpoort bevestig, 1940. Ds. A. Lagerwey op Heidelberg bevestig, 1895.	5 43	6 59
M	4	Retief-Dingaan-traktaat onderteken, 1838.	5 44	6 58
D	5	Dr. H. P. Wolmarans te Pietersburg bevestig, 1927. Die Kerk van Heilbron ingewy, 1916.	5 44	6 58
W	6	Ds. J. J. Kuhn oorlede, 1937.	5 45	6 57
D	7		5 46	6 57
V	8	Ds. C. S. v. H. Steenekamp te Zeerust bevestig, 1936.	5 47	6 56
S	9	Ds. F. J. Z. Booysen op Wolmaransstad bevestig, 1935.	5 47	6 55
S	10	Generaal de Wet trek Kaapkolonie binne, 1901.	5 48	6 55
M	11	Ds. M. J. Goddefroy te Lage-Zwaluwe geordeen, 1877.	5 49	6 54
D	12	Ds. C. W. du Toit oorlede, 1932.	5 49	6 53
W	13	Grondwet van die S.A. Republiek aangeneem, 1858.	5 50	6 52
D	14	Stigting van die Republiek Natal, 1840. Ds. G. J. Roos te Pietersburg geordeen, 1942; bevestig te Duiwelskloof, 1943.	5 51	6 52
V	15		5 52	6 51
S	16	Ds. L. E. Brandt te Johannesburg bevestig, 1908.	5 52	6 50
S	17	Voortrekkerslaer by Moordspruit uitgemoor, 1838.	5 53	6 49
M	18	Martin Luther oorlede, 1546.	5 54	6 48
D	19		5 54	6 48
W	20	Die Gemeente Ventersdorp gestig, 1892.	5 55	6 47
D	21	Holland herneem besit van die Kaap, 1803.	5 56	6 46
V	22	Die eerste Kerk van Pretoria ingewy, 1857. Ds. P. Smit te Losberg geordeen, 1930.	5 56	6 45
S	23	Die Vierkleur te Pretoria gehys, 1857. Eerste Kerkraad Herv. Gem. Potchefstroom benoem, 1842.	5 57	6 45
S	24	Die Kerk van Potchefstroom ingewy, 1866.	5 58	6 44
M	25	Ds. Jac. v. Belkum te Varik geordeen, 1877. Die Kerk van Pretoria ingewy, 1905.	5 59	6 43
D	26		5 59	6 42
W	27	Amajuba 1881. Die Gem. Johannesburg gestig, 1895. Ds. W. J. Kemp op Louis Trichardt geordeen, 1932.	5 52	6 33
D	28	Ds. P. W. v. Drimmelen in Humpata oorlede, 1919.	6 00	6 41

MAART, 31 DAE.

Dag van die Week.	Dag van die Maand.	MAANSVERANDERINGS. Nuwe Maan, 3de, 8.01 nm. Eerste Kwartier, 10de, 2.03 nm. Volle Maan, 17de, 9.11 nm. Laaste Kwartier, 26ste, 12.37 vm.	Sons opg. vm.	Sons ond. nm.
V	1	Ds. J. J. Prinsloo, Gz., te Johannesburg geordeen, 1930.	6 01	6 39
S	2		6 02	6 39
S	3		6 03	6 37
M	4	Inswering van President Steyn, 1896.	6 03	6 36
D	5	Hoeksteen van die Kerk van Ermelo gelê, 1910.	6 04	6 35
W	6	Die Gemeente Oos-Londen gestig, 1937.	6 05	6 34
D	7	Ds. P. W. van Drimmelen te Zeerust geordeen, 1907	6 05	6 33
V	8		6 06	6 32
S	9	Slagtersnek, 1816.	6 06	6 31
S	10	Ds. P. W. Venter op Durban bevestig, 1935.	6 07	6 30
M	11	Lydenburg skei af, 1857.	6 07	6 29
D	12	Oudl. A. H. Klazinga van Lichtenburg oorlede, 1920.	6 08	6 29
W	13	Ds. J. J. Engelbrecht op Louis Trichardt geordeen, 1937.	6 08	6 28
D	14		6 09	6 27
V	15		6 09	6 26
S	16		6 09	6 25
S	17		6 10	6 24
M	18	Sandrivier Konvensie op Rustenburg bekragtig, 1852.	6 10	6 23
D	19		6 11	6 22
W	20	Ouderl. A. Rocher van Ventersdorp oorlede, 1912. Die Gemeente Bloemfontein-Noord gestig, 1937.	6 11	6 20
D	21	Ds. A. J. G. Oosthuizen te Germiston geordeen, 1924.	6 12	6 19
V	22	Ds. H. J. Geyser te Roodepoort geordeen, 1940.	6 12	6 18
S	23	Afkondiging van die vrede op Pretoria, 1881.	6 13	6 17
S	24		6 13	6 16
M	25	Ds. A. Brandt op Johannesburg geordeen, 1936. Die Kerk te Potgietersrust ingewy, 1924.	6 14	6 15
D	26	Ds. M. J. Goddefroy te Middelburg bevestig, 1905. Eerste Kerkviering Herv. Gem. Potchefstroom, 1842.	6 14	6 14
W	27	Generaal P. J. Joubert oorlede, 1900. Ds. W. M. Wolmarans op Dullstroom geordeen, 1937.	6 14	6 12
D	28	Die Kerk van Ventersdorp ingewy, 1913.	6 15	6 10
V	29	Ds. Jac. P. van den Berg te Nylstroom bevestig, 1930.	6 15	6 10
S	30	Hoeksteen van Kerk te Johannesburg gelê, 1935.	6 16	6 09
S	31	Ds. J. D. Storm op Zwartruggens geordeen, 1934.	6 16	5 08

APRIL, 30 DAE.

Dag van die Week.	Dag van die Maand.	MAANSVERANDERINGS. Nuwe Maan, 2de, 6.37 vm. Eerste Kwartier, 8ste, 10.04 nm. Volle Maan, 16de, 12.47 nm. Laaste Kwartier, 24ste, 5.18 nm.	Sons opg. vm.	Sons ond. nm.
M	1	Stigting Teologiese Fakulteit te Pretoria, 1917. Dr. J. H. Greyvenstein Hoogl. te Pretoria, 1917. Dr. S. P. Engelbrecht Hoogl. te Pretoria, 1921.	6 17	6 07
D	2	Ds. W. P. J. Poën te Potchefstr. bevestig, 1926. Ds. D. J. van Staden te Delarey bevestig, 1938. Ds. W. van Bergen te Volksrust georden, 1939.	6 17	5 06
W	3		6 18	6 05
D	4		6 18	6 04
V	5		6 18	6 03
S	6	Aank. van Riebeeck in Tafelbaai 1652; Gemeente Chrissiesmeer gest., 1892.	6 19	6 02
S	7	Die Kerk van Nylstroom ingewy, 1922.	6 19	6 01
M	8	Ds. L. E. Brandt te Pietersburg bevestig, 1904.	6 20	6 00
D	9	Ds. P. W. A. Bierman te Makwassie georden, 1938. Ds. C. H. Muller te Pietersburg georden, 1938. Ds. P. J. Booysen te Zwartruggens georden, 1938.	6 20	5 59
W	10	Ds. J. J. Prinsloo te Standerton bevestig, 1919.	6 21	5 58
D	11	Die Kerk van Bronkhorstspruit ingewy, 1913.	6 21	5 57
V	12	Die eerste Anneksasie van Transvaal, 1877.	6 22	5 56
S	13	Oud. M. J. Prinsloo van Witfontein oorlede, 1892.	6 22	5 55
S	14	Ds. P. W. Venter te Volksrust georden, 1929.	6 23	5 54
M	15	Hoeksteen van die ou Kerk van Ventersdorp gelê, 1893.	6 23	5 53
D	16	Ds. A. J. Nolte te Middelburg georden, 1938. Ds. J. D. Storm te Wolmaransstad bevestig, 1938	6 24	5 53
W	17	Ds. M. J. Goddefroy emeritus, 1917.	6 24	5 52
D	18	Die eerste Kerk van Potchefstroom ingewy, 1851.	6 25	5 51
V	19	Ds. T. F. J. Dreyer te Standerton georden, 1924. Ds. J. P. Labuschagne te Witpoort georden, 1940.	6 25	5 50
S	20	Hoekst. van die Kerk op Chrissiesmeer gelê, 1892. Ds. G. W. Smits te Rustenburg bevestig, 1861.	6 26	5 49
S	21	Ds. N. J. v. Warmelo oorlede, 1892. Ds. W. J. Kemp bevestig te Nylstroom, 1936. Eerste Kerk van Middelburg ingewy, 1876. Ds. S. J. Strydom te Makwassie bevestig, 1919.	6 26	5 48
M	22	Ds. J. J. Prinsloo te Rustenburg bevestig, 1922. Ds. F. J. Z. Booysen te Trichardtsfntn. georden, '32.	6 27	5 47
D	23	Die Kerkraad Witfontein wil nie verenig nie, 1886. Ds. J. C. du Plessis op Germiston georden, 1937.	6 27	5 47
W	24	Oud, F. G. Wolmarans van Potchefstroom oorlede, 1872.	6 28	5 46
D	25	Protes van die Hervormers te Spiers, 1529—vandaar Protestante.	6 28	5 45
V	26	Eerste Kerk van Rustenburg ingewy, 1851. Gemeente Wolmaransstad gestig, 1892.	6 29	5 44
S	27		6 29	5 43
S	28	Ds. J. P. v. d. Berg te Makwassie bevestig, 1934.	6 30	5 42
M	29	Tweede Dorsland-trek, 1875.	6 30	5 41
D	30	Prinses Juliana van Nederland gebore, 1909.	6 31	5 40

MEI, 31 DAE.

Dag van die Week.	Dag van die Maand.	MAANSVERANDERINGS. Nuwe Maan, 1ste, 3.16 nm. Eerste Kwartier, 8ste, 7.13 vm. Volle Maan, 16de, 4.42 vm. Laaste Kwartier, 24tse, 6.02 vm. Nuwe Maan 30ste, 1.49 nm.	Sons opg. vm.	Sons ond. nm.
W	1	Die Gemeente van Ermelo gestig, 1909.	6 31	5 40
D	2	Holland in Kaapse Parlement toegelaat, 1882. Ds. G. P. J. Grobler op Potgietersrust bevestig, 1936.	6 32	5 39
V	3	Dr. J. H. Greyvenstein te Pretoria bevestig, 1914. Ds. J. G. M. Dreyer te Dullstroom bevestig, 1924.	6 32	5 38
S	4	Ds. A. R. Smit Hulpprediker te Pretoria, 1929.	6 33	5 37
S	5	Ds. A. J. Barger te Johannesburg bevestig, 1918. Ds. A. J. Barger oorlede, 1940.	6 33	5 36
M	6	Dr. H. P. Wolmarans op Boksburg bevestig, 1937.	6 34	5 36
D	7	Ds. G. W. Smits in Den Haag georden, 1860. Ds. J. J. Kuhn te Krugersdorp bevestig, 1909.	6 34	5 35
W	8	Prof. Dr. P. J. Muller te Pretoria bevestig, 1904. Die Gemeente Memel gestig, 1915. Ds. L. M. le Roux te Turffontein bevestig, 1943.	6 35	5 34
D	9	Stigting van die Gemeente Zoekmekaar, 1931. Ds. P. W. Venter bevestig te Krugersdorp, 1943. Paul Kruger ingesweer as Staatspresident, 1883.	6 35	5 33
V	10	Duitsland val Holland in, 1940.	6 36	5 33
S	11	Die Kerk van Witbank ingewy, 1929.	6 36	5 32
S	12	Eerste Avondmaalsviering aan die Kaap, 1652.	6 37	5 32
M	13		6 38	5 31
D	14		6 38	5 31
W	15	„Die Hervormer" verskyn, 1909. Die Gemeente Schweizer-Reneke gestig, 1925.	6 39	5 30
D	16	Gemeente Losberg gestig, 1925.	6 39	5 30
V	17		6 40	5 29
S	18		6 40	5 29
S	19		6 41	5 28
M	20	Inwyding van die Kerk van Delmas, 1933.	6 41	5 27
D	21	Ds. G. E. Alers te Germiston bevestig, 1921.	6 42	5 27
W	22		6 42	5 26
D	23	Stigting Gemeente Bothaville, 1936.	6 43	5 26
V	24		6 43	5 25
S	25	Dr. C. H. Rautenbach te Pretoria bevestig, 1930.	6 44	5 25
S	26		6 44	5 24
M	27	Aankoms van Ds. v. d. Hoff te Potchefstroom, 1853. Ds. M. M. Grobler te Brakpan bevestig, 1928.	6 45	5 24
D	28	Ds. P. S. Grobler te Krugersdorp georden, 1922. Ds. F. J. van Zyl te Johannesburg georden, 1939. Ds. G. W. Smits oorlede, 1894.	6 45	5 24
W	29	Dr. S. P. Engelbrecht georden, 1921. Eerste Uniale Ministerie gevorm, 1910.	6 46	5 24
D	30	Ds. E. S. Mulder te Zwartruggens georden, 1930.	6 46	5 23
V	31		6 47	5 23

JUNIE, 30 DAE.

Dag van die Week.	Dag van die Maand.	MAANSVERANDERINGS. Eerste Kwartier, 6,de 6.06 nm. Volle Maan, 14de, 8.42 nm. Laaste Kwartier, 22ste, 3.12 nm. Nuwe Maan, 29ste, 6.06 nm.	Sons opg. vm.	Sons ond. nm.
S	1	Dr. B. Gemser Hoogleraar te Pretoria, 1926.	6 47	5 23
S	2	Die Gemeente Gwelo gestig, 1923.	6 48	5 23
M	3	Oud. G. J. Engelbrecht van Standerton oorlede, 1901.	6 48	5 23
D	4		6 49	5 23
W	5	Ds. Jac. v. Belkum te Rustenburg bevestig, 1891. Uitspraak Hoog Ger. Hof in sake Trichardtsfontein, tussen Ned. Herv. en Ned. Herv. of Geref., 1893.	6 49	5 23
D	6	Gemeente Humpata gestig, 1910. Dr. H. C. M. Fourie te Johannesburg bevestig, 1924.	6 49	5 23
V	7	F. W. Reitz as Staatssekretaris ingesweer S.A. Rep., 1898.	6 50	5 23
S	8		6 50	5 23
S	9		6 51	5 23
M	10	Ds. J. Beyer te Standerton bevestig, 1899.	6 52	5 23
D	11	Ds. C. S. v. H. Steenekamp te Windhoek bevestig, 1938.	6 52	5 23
W	12	Verantwoordelike Bestuur aan Kaapkolonie toegestaan, 1872.	6 52	5 23
D	13	Die Kerk van Ermelo ingewy, 1910. Gemeente Ladysmith gestig, 1943.	6 53	5 23
V	14		6 53	5 23
S	15	Ds. N. J. v. Warmelo te Potchefstroom georden, 1864.	6 53	5 23
S	16		6 53	5 23
M	17		6 53	5 23
D	18	Ds. F. S. du Toit van Ventersdorp oorlede, 1914. Ds. P. J. J. Venter te Lichtenburg georden, 1921.	6 53	5 23
W	19		6 54	5 23
D	20	Komdt. Salomon Prinsloo oorlede, 1892.	6 54	5 23
V	21		6 54	5 23
S	22		6 54	5 23
S	23	Tweede Volksraad ingestel, 1890. Ds. L. E. Brandt oorlede, 1939.	6 55	5 24
M	24	Oud. J. C. Coetzee van Zeerust oorlede, 1933.	6 55	5 24
D	25	Potgieter en Trichardt in Zoutpansberg, 1836.	6 55	5 25
W	26	Gemeente Ebenhaeser gestig, 1937.	6 55	5 25
D.	27	Die Gemeente van Vliegepoort gestig, 1931.	6 56	5 26
V	28	Ds. A. J. Begemann emeritus, 1872.	6 56	5 26
S	29	Eerste Kaapse Parlement geopen, 1854.	6 56	5 27
S	30		6 56	5 27

JULIE, 31 DAE.

Dag van die Maand.	Dag van die Week.	MAANSVERANDERINGS. Eerste Kwartier, 6de, 7.15 vm. Volle Maan, 14de, 11.23 vm. Laaste Kwartier, 21ste, 9.52 nm. Nuwe Maan, 20ste, 1.53 nm.	Sons opg. vm.	Sons ond. nm.
M	1	President T. F. Burgers ingesweer Z.A. Rep., 1872.	6 56	5 27
D	2		6 56	5 27
W	3	Ds. S. P. J. J. van Rensburg te Randpoort bevestig, 1942. Hoeksteen te Boksburg gelê, 1943.	6 56	5 28
D	4	Oud-Ouderl. H. C. J. v. Rensburg, Zoutpansberg, oorlede, 1909.	6 55	5 28
V	5		6 55	5 28
S	6	Joh. Huss gebore, 1373.	6 55	5 29
S	7	Die Kerk van De la Rey ingewy, 1928.	6 55	5 29
M	8	Die Gemeente Bloemhof gestig, 1916. Ds. H. P. Wolmarans te Zeerust georden, 1922.	6 55	5 30
D	9	Oud. S. E. Grobler van Zoutpansberg oorlede, 1903.	6 55	5 30
W	10	Calvyn gebore, 1509. Inwyding van Kerk te Zwartruggens, 1942.	6 55	5 31
D	11		6 55	5 31
V	12	Senator Ouderl. A. D. W. Wolmarans oorlede, 1928.	6 54	5 32
S	13		6 54	5 32
S	14	President Brandt, O.V.S., oorlede, 1888.	6 54	5 33
M	15	Verlating van Schoemansdal, 1867.	6 54	5 33
D	16		6 54	5 34
W	17	Oud. J. v. Graan van Ventersdorp oorlede, 1917.	6 53	5 34
D	18	Ds. N. J. v. Warmelo te Heidelberg bevestig, 1868.	6 53	5 34
V	19	Ds. L. G. F. Biccard oorlede, 1900. Ds. E. S. Mulder bevestig op Bronkhorstspruit, 1931.	6 53	5 34
S	20	Ds. L. E. Brandt te Turffontein bevestig, 1930.	6 53	5 35
S	21		6 52	5 36
M	22		6 52	5 36
D	23	Generaal Andries Pretorius oorlede, 1853.	6 52	5 37
W	24	Ds. L. G. F. Biccard te Zoutpansberg bevestig, 1875.	6 51	5 37
D	25	Afskeid van Prof. Dr. P. J. Muller van Pretoria, 1909.	6 51	5 38
V	26	Kerkorde van de Mist ingevoer, 1804.	6 51	5 38
S	27	Die Prokurasie-Kommissie gestig, 1890.	6 50	5 39
S	28		6 50	5 39
M	29	Die Gemeente Van der Hoff gestig, 1933.	6 49	5 40
D	30	Ds. N. J. v. Warmelo te Schoemansdal bevestig, 1864.	6 49	5 40
W	31		6 48	5 41

AUGUSTUS, 31 DAE.

Dag van die Week.	Dag van die Maand.	MAANSVERANDERINGS. Nuwe Maan, 4de, 10.55 nm. Volle Maan, 13de, 12.26 vm. Laaste Kwartier, 20ste, 3.17 vm. Nuwe Maan, 26ste, 11.07 nm.	Sons opg. vm.	Sons ond. nm.
D	1		6 47	5 41
V	2		6 46	5 42
S	3	Ds. Jac. v. Belkum te Heidelberg bevestig, 1903.	6 46	5 42
S	4	Oud. A. Alberts van Humpata oorlede, 1928. Ds. J. G. M. Dreyer te Ermelo bevestig, 1928. Ds. C. S. v. H. Steenekamp te Lichtenburg georden, 1934.	6 45	5 43
M	5	Ds. S. P. J. v. Rensburg op Eendracht georden, '33. Hoeksteen van Kerk te Randfontein gelê, 1939.	6 44	5 43
D	6		6 44	5 43
W	7	Hoeksteen te Benoni gelê, 1943.	6 43	5 44
D	8	Die eerste Alg. Kerkverg. van die Ned. Herv. Kerk te Rustenburg geopen, 1853. Gemeente van Vaalharts gestig, 1940.	6 42	5 44
V	9	Ds. M. J. Goddefroy oorlede, 1920.	6 42	5 45
S	10	Louis Trichardt gebore, 1783. Ds. W. P. J. Poën oorlede, 1937.	6 41	5 45
S	11		6 40	5 46
M	12		6 39	5 46
D	13	Aanval op Veglaer, 1938.	6 38	5 47
W	14	Oud. F. P. H. Alberts van Humptata oorlede, 1930.	6 37	5 47
D	15	Slag van Thaba Bosigo, 1865.	6 37	5 48
V	16	Die Gemeente van Vereeniging gestig, 1913. Ds. A. S. Geyser te Heilbron georden, 1941.	6 36	5 48
S	17	Die Kerk van Venterskroon ingewy, 1889.	6 35	5 48
S	18	Ds. A. Lagerwy oorlede, 1898. Ds. D. v. d. Hoff in Den Haag georden, 1852.	6 34	5 49
M	19		6 33	5 49
D	20	Eerste Doopbediening aan die Kaap, 1653. Gemeente Rust der Winter gestig, 1938.	6 33	5 50
W	21		6 32	5 50
D	22	Ds. Abr. Ras op Volksrust bevestig, 1936.	6 31	5 51
V	23	Ds. J. v. Arckel eerste predikant aan die Kaap, 1665.	6 30	5 51
S	24	Bloedbad van St. Bartholomeus, 1572. Ds. L. M. le Roux op Trichardtsfontein bevestig, 1935.	6 29	5 51
S	25	Aankoms van die Eerste Hugenote, 1688.	6 28	5 52
M	26	General Louis Botha oorlede, 1919.	6 27	5 52
D	27	In gebruik neem van Bybel in Afrikaans, 1933.	6 27	5 52
W	28	Slag van Boomplaas, 1848.	6 26	5 52
D	29		6 25	5 53
V	30	Ds. P. A. C. van Heyningen oorlede, 1904. Ds. T. Dreyer te Heidelberg bevestig, 1941.	6 24	5 53
S	31	Die Lydenburgse Gemeente skei van die Herv. Kerk af, 1854.	6 23	5 54
			6 22	5 54

SEPTEMBER, 30 DAE.

Dag van die Week.	Dag van die Maand.	MAANSVERANDERINGS. Eerste Kwartier, 5de, 4.49 nm. Volle Maan, 11de, 11.59 vm. Laaste Kwartier, 18de, 8.44 vm. Nuwe Maan, 25ste, 10.45 vm.	Sons opg. vm.	Sons ond. nm.
S	1	Transvaal geannekseer, 1900. Gemeente Randpoort gestig, 1939.	6 20	5 55
M	2	Ds. D. v. d. Hoff gebore, 1814. Inwyding van Kerk te Randpoort, 1939.	6 19	5 55
D	3		6 18	5 56
W	4		6 17	5 56
D	5		6 16	5 57
V	6	Koningin Wilhelmina gekroon, 1898.	6 15	5 57
S	7		6 15	5 58
S	8	Ds. N. J. v. Warmelo gebore, 1835.	6 13	5 58
M	9		6 12	5 59
D	10		6 11	5 59
W	11		6 10	6 00
D	12	Die Kerk van Vrededorp ingewy, 1908.	6 09	6 00
V	13		6 08	6 01
S	14		6 07	6 01
S	15	Eerste Uniale Volksraad verkies, 1910.	6 06	6 02
M	16		6 05	6 02
D	17	President M. W. Pretorius gebore, 1819.	6 04	6 02
W	18		6 02	6 03
D	19		6 01	6 03
V	20	Die Huweliks Ordonnansie van de Mist ingevoer, 1804.	6 00	6 04
S	21	Ds. D. J. Strydom te Gwelo bevestig, 1940.	5 59	6 04
S	22		5 58	6 05
M	23	Ds. P. W. Ennis te Klerksdorp bevestig, 1905.	5 57	6 05
D	24	Ds. P. J. J. Venter te Zeerust bevestig, 1927.	5 56	6 05
W	25		5 55	6 06
D	26		5 54	6 06
V	27	Generaal Louis Botha gebore 1862.	5 53	6 07
S	28	Die Kerk op Witpoort ingewy, 1912.	5 52	6 07
S	29		5 51	6 08
M	30	Ds. M. J. Goddefroy te Witfontein bevestig, 1887.	5 50	6 08

OKTOBER, 31 DAE.

Dag van die Week.	Dag van die Maand.	MAANSVERANDERINGS. Eerste Kwartier, 3de, 11.53 vm. Volle Maan, 10de, 10.40 nm. Laaste Kwartier, 17de, 3.28 nm. Nuwe Maan, 25ste, 1.32 vm.	Sons opg. vm.	Sons ond. nm.
D	1	Ds. A. Ras op Dullstroom bevestig, 1932.	5 49	6 08
W	2	Slag van Vegkop, 1836.	5 48	6 09
D	3		5 36	6 09
V	4	Ds. A. J. Barger te Middelburg bevestig, 1919.	5 45	6 10
S	5	Eervol ontslag wyle ds. P. W. Ennis, 1928.	5 44	6 10
S	6	Stigting van die gemeente Barberton, 1934.	5 43	6 11
M	7	Oud. D. P. J. v. Schalkwyk van Trichardts oorl. 1911.	5 42	6 11
D	8		5 41	6 11
W	9	Ds. D. v. d. Hoff oorlede, 1881. Ds. P. W. Venter op Brits bevestig, 1936.	5 40	6 12
D	10	President Kruger gebore, 1825. Ds. S. J. Strydom te Krugersdorp bevestig, 1914.	5 39	6 12
V	11	Die Hervormer Ultrich Zwingli gesneuwel, 1531. Hoeksteenlegging Kerk Zwartruggens, 1941.	5 38	6 13
S	12		5 37	6 13
S	13	Eerste diamant in S.A. gevind, 1867.	5 36	6 14
M	14		5 35	6 14
D	15	Hoeksteenlegging van die Kerk van Pietersburg, 1892.	5 34	6 15
W	16	Afskeidspreek van Ds. Jac. van Belkum met sy emeritaat, 1927.	5 33	6 15
D	17	Ds. S. Vermooten te Zeerust geordeen, 1915.	5 32	6 16
V	18	Ds. J. D. Storm te Ottosdal bevestig, 1941.	5 31	6 17
S	19	Eerste Kerk op Stellenbosch ingewy, 1687.	5 30	6 17
S	20	Die Kerk van Louis Trichardt ingewy, 1906.	5 29	6 18
M	21	Oud. F. Boshoff van Waterberg oorlede, 1918.	5 28	6 19
D	22	Die Edik van Nantes herroep, 1685.	5 28	6 19
W	23	Ds. D. F. Erasmus te Ventersdorp bevestig, 1920.	5 27	6 20
D	24	Sinode in die Kaap besluit dat Engels ook gepreek moet word in Hollandse Kerke, 1859.	5 26	6 20
V	25		5 25	6 21
S	26		5 24	6 21
S	27	Ds. L. E. Brandt te Vereeniging bevestig, 1923. Ds. P. J. J. Venter te De la Rey bevestig, 1923.	5 23	6 22
M	28		5 22	6 22
D	29		5 22	6 23
W	30	Ds. J. J. Prinsloo te Trichardts bevestig, 1909. Hervormingsdag. Samekoms Komm. N. Herv. en N. Geref. om oor kerkvereniging te handel, 1882.	5 21	6 23
D	31	Ds. P. W. Ennis oorlede, 1932.	6 20	6 24

NOVEMBER, 30 DAE.

Dag van die Week.	Dag van die Maand.	MAANSVERANDERINGS. Eerste Kwartier, 2de, 6.40 vm. Volle Maan, 9de, 9.10 vm. Laaste Kwartier, 16de, 12.35 vm. Nuwe Maan, 23ste, 7.24 nm.	Sons opg. vm.	Sons ond. nm.
V	1		5 19	6 24
S	2	Eerste Alg. Kerkverg. Ned. Herv. Kerk te Kaapstad, 1824.	5 19	6 25
S	3	Hoeksteenlegging eerste Herv. Kerk op Christiana, 1876.	5 18	6 25
M	4	Ds. Jac. van Belkum oorlede, 1933.	5 18	6 26
D	5	Naam Ned. Hervormd in die Kaap verander in Ned. Gereformeerd, 1842. Aankoms van Ds. D. v. d. Hoff in Suid-Afrika, 1852.	5 17	6 26
W	6		5 16	6 27
D	7	Vasco da Gama te St. Helenabaai, 1497.	5 15	6 27
V	8		5 15	6 28
S	9		5 15	6 28
S	10	Martin Luther gebore, 1483.	5 14	6 29
M	11		5 13	6 30
D	12	Piet Retief gebore, 1780.	5 13	6 30
W	13		5 12	6 31
D	14	Ds. W. F. H. Huyzers bevestig op Vereeniging, 1931.	5 12	6 32
V	15	Ds. A. J. Begemann oorlede, 1925.	5 11	6 33
S	16	Pretoria aangelê, 1855.	5 11	6 34
S	17		5 10	6 35
M	18	Vasco da Gama se eerste reis om die Kaap, 1497.	5 11	6 36
D	19	Hoeksteenlegging van die Kerk te Potgietersrust, 1921.	5 10	6 36
W	20	Die Kerk op Eldoret ingewy, 1921.	5 09	6 37
D	21	Ds. H. D. v. Broekhuizen Predikant van die Hervormde Kerk, 1917.	5 09	6 38
V	22	Die Gemeente Trichardts gestig, 1879.	5 09	6 39
S	23		5 09	6 40
S	24	Hoeksteenlegging van die Kerk van Laeveld, 1924.	5 08	6 41
M	25	Ds. W. P. J. Poën te Pietersburg bevestig, 1922.	5 08	6 41
D	26	Die Kerk van Memel ingewy, 1915.	5 08	6 42
W	27	Die Kerk van Bethal ingewy, 1926.	5 08	6 43
D	28	President Steyn oorlede, 1916.	5 08	6 44
V	29		5 08	6 44
S	30	Kerk te Johannesburg ingewy, 1935.	5 08	6 45

DESEMBER, 31 DAE.

Dag van die Week.	Dag van die Maand.	MAANSVERANDERINGS. Eerste Kwartier, 1ste, 11.47 nm. Volle Maan, 8ste, 7.52 nm. Laaste Kwartier, 15de, 12.57 nm. Nuwe Maan, 23ste, 3.06 nm. Eerste Kwartier, 31ste, 2.23 nm.	Sons opg. vm.	Sons ond. nm.
S	1	Slawe vry verklaar in die Kaap, 1834.	5 08	6 46
M	2	Verkiesing eerste Voortrekker-Volksraad, 1836.	5 08	6 46
D	3	Engelse besetting van Port Natal, 1838.	5 08	6 47
W	4	Die Ned. Geref. Kerk in die S.A.R. gestig, 1866.	5 07	6 48
D	5		5 07	6 49
V	6	Voortrekkersgelofte, 1838.	5 08	6 50
S	7	Die Ned. Herv. of Geref. Kerk gestig, 1885.	5 07	6 50
S	8		5 07	6 51
M	9	Pres. T. F. Burgers oorlede, 1881.	5 07	6 52
D	10	Slag van Stormberg, 1899.	5 07	6 52
W	11	Slag van Magersfontein, 1899.	5 08	6 53
D	12	Ds. C. W. du Toit emeritus, 1918.	5 08	6 54
V	13	Republiek herstel op Paardekraal, 1880.	5 08	6 54
S	14		5 08	6 55
S	15	Slag van Colenso, 1899.	5 09	6 56
M	16	Slag van Bloedrivier, 1838. Hoeksteenlegging van die Kerk van Middelburg, 1896.	5 09	6 56
D	17	Eerste grondwet van die Z.A.R. op Potchefstroom geteken, 1856.	5 09	6 57
W	18	Die Kerk van Vereeniging ingewy, 1915.	5 10	6 58
D	19	Generaal A. H. Potgieter gebore, 1792.	5 10	6 58
V	20	Komdt. F. Joubert (Fransheld) behaal oorwinning by Bronkhorstspruit, 1880.	5 11	6 59
S	21	Oud-ouderling G. J. Z. Helberg van Zoutpansberg oorlede, 1926.	5 11	6 59
S	22		5 12	7 00
M	23		5 13	7 00
D	24		5 13	7 01
W	25	Kersfees.	5 15	7 01
D	26	Hoeksteenlegging van die Kerk van Potchefstroom, 1859.	5 14	7 02
V	27	Ds. G. C. Coetzee op Delarey georden, 1934. Ds. S. P. Viljoen op Durban georden, 1936.	5 15	7 02
S	28	Hoeksteen gelê van die Eerste Kerkgebou in die Kaap, 1700.	5 15	7 02
S	29	Die Kerk van Germiston ingewy, 1917.	5 16	7 03
M	30	Jameson-inval, 1895.	5 17	7 03
D	31	Die Gemeente Heidelberg gestig, 1865.	5 17	7 03



Teol. Professore en Studente 1945



G. M. J. GEERS



WESTDENE

G. M. J. GEERS.

Die Kerk het met die afsterwe van die heer G. M. J. Geers 'n groot verlies gely en een van sy bekwame en getroue kinders verloor. Hy was nie alleen 'n gelowige christen en 'n warme ondersteuner van die Kerk nie, hy het nie alleen sy deel bygedra om gemeente en Kerk te help bou nie, maar hy was ook 'n kerkbouer in die letterlike sin van die woord, en groot is die aantal monumente wat vandag hiervan op sigbare wyse getuig. Nie minder as veertien kerkgeboue van Hervormde gemeentes is deur hom as argitek opgerig nie.

In die laaste jare het verskillende van ons gemeentes sierlike kerkgeboue opgerig. Vroeër moes met eenvoudige geboue volstaan word, waarvan die meeste uitwendig geen aantreklik-



SPRINGS



GROOT MARICO

heid of skoonheid gehad het nie. Ons kon sê die ark van God moes in 'n tentdoek woon. Dit kon nie anders nie, veral waar dit nog nouliks 'n eeu gelede is dat die eerste gemeente in Transvaal gestig is. En in hierdie honderd jaar het tal van verwoestings oor die land gegaan waarvan die ergste die van die Driejarige Oorlog van 1899-1902 was.

Die eerste bedehuise was baie primitief. Dit was van fluitjiesriet en ook van klei, nie veel beter as die destyds gebruiklike hartbeeshuise nie. Die eerste is op Potchefstroom gebou, maar dit was so swak opgetrek dat dit binne 'n paar jaar deur 'n ander vervang moes word, 'n stewige maar tog



KLERKSDORP

nog 'n uiters eenvoudige gebou. Maar tog, vir daardie dae was dit 'n groot prestasie en het dit van die ontplooiing van 'n sluimerende krag getuig. Daardie eenvoudige grasdak kerk van Potchefstroom was die grootste gebou in die hele land, want selfs die regering van die land het nie eers so 'n enkele regeringsgebou gehad nie. In later jare is dit onder leiding van 'n kunstige hand so verbeter en verfraai dat dit vandag nog altyd een van onse sierlike bedehuise is, en dit is te hope dat



VEREENIGING

die gemeente Potchefstroom altyd voldoende eerbied en piëteit sal besit om dit nie te laat afbreek nie. In Rustenburg was die eerste kerkgebou so swak dat dit na enige jare inmekaar geval is, en die gemeente hom met 'n „paal-kerk" moes behelp, waarvan die preekstoel in die weekdae op die stoep van die pastorie gebêre is, terwyl die teenswoordige kerkgebou opgetrek is. Die plan van hierdie kerk is deur die heer William Robinson uit Grahamstad gebring. Sommige gemeentelede was in die



TURFFONTEIN

begin ontevrede daarmee, want hulle het gemeen dat die kruisvorm Rooms was. Die eerste kerkgebou wat op die plein in Pretoria gestaan het, was met sy trapgewels ook nie onaardig nie. Kort na die Eerste Vryheidsoorlog is dit deur 'n veel groter en statiger gebou met 'n toring vervang wat egter in 1904 afgebreek is.

Met die ontginning van die goudvelde op die Rand het daar welvaart in die land gekom. Maar dit was in hierdie



WITBANK

selfde tyd dat die beweging vir kerkvereniging ontstaan het wat vir die Hervormde Kerk baie desorganiserend en ontwrigtend was. Dit was hierdeur dat daar in die negentiger jare slegs twee kerkgeboue wat op enige mate van sierlikheid aanspraak kon maak, gebou is, nl. die van Middelburg en Standerton. Die ander was alger nederige eenvoudige geboue. Maar selfs hierdie twee kerke beantwoord nie meer aan die skoonheids maatstaf wat vandag aangelê word nie. Dit is egter te hope dat die gemeentes van Middelburg en Standerton hierdie



FOCHVILLE

kerke nie sal afbreek nie as straks beteres gebou sal word nie. Dit is monumente wat op piëteit aanspraak maak, want dit is sigbare getuies van die begin van 'n hernuwde bloeiperiode van die Nederduitsch Hervormde Kerk.

Na die Driejarige Oorlog is die eerste groot en mooi kerkgeboue op Pretoria, Bronkhorstspruit en Ventersdorp opgerig. Die groot periode van kerkbou het vir die Hervormde Kerk egter eers na die Eerste Wêreldoorlog begin toe tal van nuwe



KENSINGTON

kerke gebou is, soos op Nylstroom, Bethal, Johannesburg en Oos Londen wat verskillende argitekte gehad. Die kleinere kerkgeboutjies laat ons hier buite bespreking. Dan is daar nog ander kerkgeboue, veertien in getal, wat alger deur onse ontslape broeder Geers gebou is. Dit is die van Westdene, Springs, Groot Marico, Klerksdorp, Vereeniging, Turffontein, Witbank, Fochville, Kensington, Roodepoort, Swartruggens, Boksburg, Germiston en Benoni. Van al hierdie kerkgeboue



ROODEPOORT

plaas ons portrette.[1]) Dit is kerkgeboue wat as monumente in die Hervormde Kerk getuig van die talente wat deur God aan die heer Geers geskenk is. Hierdie geboue is nie alleen vir die Hervormde Kerk 'n sieraad nie, maar strek ons ganse land tot eer.

Die familie Geers stam uit die Nederlandse provinsie Zeeland, en wel uit Zierikzee, die stad waar wyle onse onvergeetlike ds. Jac. van Belkum in die jare 1889-1891 predikant

[1]) Die portrette is deur J. J. Wessel, Johannesburg, gemaak.



SWARTRUGGENS

was, en onder wie die grootvader van die heer Geers destyds as diaken gedien het. Die familie het na Transvaal geëmigreer en hom in Pretoria gevestig, waar Geurt Marinus Jacobus Geers op 13 Mei 1909 gebore is. Nadat hy die Afrikaans Hoër Skool, waar hy sy matrikulasie-eksamen afgelê het, verlaat het, het hy tekenaar by die Departement van Publieke Werke geword en tegelyk die Buitemuurse klasse in argitektuur, van die Universiteit van Pretoria besoek. Begin 1932 is hy na Europa en het hy sy studies aan die Londense Universiteit voltooi en het hy daar 'n onderskeiding behaal met sy proefskrif oor dorpsaanleg. Daarna het hy 'n uitgebreide reis



BOKSBURG

op die vasteland gemaak. Na sy terugkeer in Suid-Afrika het hy met sy vader 'n argitekte-kantoor in Johannesburg geopen onder die naam Geers en Geers. Gedurende sy praktyk het hy een-en-veertig kerkgeboue wat deur hom ontwerp is, voltooi gesien, waarvan veertien van Nederduitsch Hervormde Gemeentes is, en waarvan, soos reeds gesê, ons die portrette plaas. Ook het hy aansoeke vir nog twintig kerkgeboue gehad. Hy het ook tal van ander geboue ontwerp, o.a. die Hervormde



GERMISTON

Weeshuis-geboue in Krugersdorp, en die woonstel-geboue wat deur die gemeente van Pretoria opgerig is.

Helaas, op 21 Januarie 1945 is sy veelbelowende loopbaan op so 'n tragiese wyse afgesny, terwyl hy nog in die krag van sy lewe was. Hy het op daardie dag te Glenmore in die see verdrink. Sy heengaan is nie alleen 'n groot verlies vir die argitektuurwese in ons land nie, maar ook vir die Hervormde Kerk. Hy het sy Kerk lief gehad, en het gedoen wat sy hand



BENONI

gevind het om te doen teneinde dit op te bou. Al die geboue wat deur hom ontwerp is, sal sy naam in ere hou. As hy gespaar gebly het, sou hy ongetwyfeld in die kerkboukuns 'n hoë vlug geneem het. God het dit anders gewil.

S.P.E.

DIE TWEE GETUIES.

Openbaring 11 vs. 1-14.

Na aanleiding van die optrede van die sogenaamde ‚Sak-evangeliste' wat hulleself die twee getuies noem wil ons graag korteliks die betrokke perikoop Open. 11 behandel.

Ons belewe veelbewoë tye. Die wêreld is tot in sy fondamente geskud en saam met die wankelende wêreld het baie mense hulle ewewig verloor. Ons belewe tye van geweldige verwarring en daarom spreek dit vanself dat baie mense die regte koers kwytgeraak het en besig is om dwaalweë te bewandel. Ons geloof word swaar op die proef gestel. Deur die poorte van die hel word kragdadige pogings aangewend om die Gemeente van Christus te oorweldig. Ons belewe abnormale tye en daarom gebeur daar ook abnormale dinge. Buitengewone verskynsels kom oral aan die lig.

Op elke gebied, maar veral op Godsdienstige gebied het baie mense hulle balans verloor. Die tekens van die tye word elke dag duideliker — die vyeboom bot en daarom moet ons weet dat die Somer naby is — die Regter staan voor die deur.

As ons maar daarop wil ag gee dan word dit vir ons steeds duideliker dat die profesië van die Bybel besig is om in vervulling te gaan. Die woorde van Christus word waargemaak — Hyself het ons gewaarsku dat in die laaste dae daar vals christusse en vals profete sal opstaan, wat al die moontlike pogings sal aanwend om indien moontlik selfs die uitverkorenes te verlei.

„As iemand dan vir julle sê: kyk hier is die Christus! of, daar! — moet dit nie glo nie. As hulle vir julle sê: Kyk Hy is in die woestyn — moet nie uitgaan. Kyk Hy is in die binnekamer — moet dit nie glo nie. (Matt. 24 vs. 23-26).

As Christus kom sal elke oog Hom sien — vir niemand sal dit nodig wees om in onsekerheid te verkeer nie, want soos die weerlig in die ooste uitslaan en tot in die weste skyn, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees. (Matt. 24 vs. 27).

Laat ons daarom waak en bid om nie in versoeking te val nie. Wees op u hoede vir die wolwe wat in skaaps-klere onder u rond gaan. Neem die goeie raad van die Apostel Johannes aan: „Geliefdes, glo nie elke gees nie, maar stel die geeste op die proef of hulle uit God is, want baie vals profete het in die wêreld uit gegaan." 1 Joh. 4.

Onthou altyd die Bybel word deur die Satan beskou as die handigste wapen om die mense te verlei. As hy Jesus in die woestyn wil verlei dan maak hy van Bybeltekse gebruik. En nog gedurig gaan sy handlangers tussen ons rond met die

Bybel in die hand om ons ontrou te maak aan die goeie belydenis wat ons eenmaal voor baie getuies afgelê het.

Hy gebruik die Bybel as werktuig om die Kerk van Christus te ondergrawe en indien moontlik tot 'n val te bring. Wat die Bybel betref bly die spreekwoord al te waar n.l. elke ketter het sy letter.

En veral twee Bybelboeke n.l. Daniël en die Openbaring word by voorkeur deur die vals profete gebruik om die mense te verlei en op 'n dwaalspoor af te voer. Hierdie twee boeke leen hulle uitstekend vir allerlei spekulasies. Omdat hierdie twee boeke so moeilik verstaanbaar is kan hulle soveel makliker deur uitlegkunde verkeerd vertolk word.

Van die Openbaringboek het b.v. die kerkvader Hyronimus gesê dat daar net soveel geheimenisse in staan as woorde.

As die Openbaring nie gesien word teen die agtergrond van die eerste eeu nie, dan kan hy ook nie reg verstaan word nie, en van hierdie agtergrond dra al die vals profete geen kennis nie. Hulle is as gevolg van hulle onkunde onbekwaam om in te sien hoe die Openbaring in verset is, van begin tot end teen die nuuskierigheid aangaande die onsigbare wêreld wat in die eerste eeu geheers het. Die Openbaring bestry al die teorieë wat destyds deur die planeetmagte omtrent die wêreldbestuur van God verkondig is. Aan die sterrekykers van sy tyd word deur Johannes geen geloof geheg nie. In beeldspraak bestry Johannes die mense wat hulle aan afgodediens skuldig en hierdie beeldspraak is vir die oningewyde leser onverstaanbaar. Daarom moet ons uiters versigtig wees vir die verklaring wat deur allerlei vals profete en dwaalleraars aan die Openbaring-boek gegee word. Die Openbaringboek is van groot waarde en betekenis vir die gemeente van Christus, maar dan moet hy reg verstaan word en nie misbruik word om die gemeente van Christus te verskeur en af te breek nie.

Openbaring is 'n boek van die oorwinnende Christus — Hy en Hy alleen is die Alfa en die Omega, die Begin en die Einde, die Eerste en die Laaste. Aan Hom alleen is alle mag gegee in die Hemel en op die aarde en daarom word al die heidense leringe verwerp en veroordeel.

Laat ons waak en op ons hoede wees vir die vals profete wat aan hierdie boek hulle eie uitleg en verklaring gee — daar staan geskryf „want ek betuig aan elkeen wat die woorde van die profesie van hierdie boek hoor. As iemand by hierdie dinge byvoeg, dan sal God oor hom die plae byvoeg waarvan in hierdie boek geskrywe is. En as iemand iets van die woorde van hierdie profesie wegneem, dan sal God sy deel wegneem uit die boek van die lewe en uit die heilige stad en uit die dinge waarvan hierdie boek geskrywe is."

Hierdie waarskuwing geld ook vir die elfde hoofstuk van Openbaring, een van die moeilikste hoofstukke van die hele boek.

Christus self het gesê dat die einde nie sal kom voor die Evangelie aan al die Kreature verkondig is nie.

En volgens ons teksverband is hieraan voldoen. Almal wat ore het, het nou die geleentheid gehad om na die blye boodskap van Jesus Christus te luister. Niemand kan die verontskuldiging aanvoer dat die weg van saligheid aan hom nog onbekend is nie.

Die uur van beslissing het aangebreek — nou sal daar vir ewig skeiding gemaak word tussen hulle vir wie die Evangelie 'n reuk van die lewe tot lewe was en diegene vir wie die Evangelie 'n reuk van die dood tot die dood was.

Nou sal die skape van die bokke en tarwe van die onkruid geskei word; die onderskeid tussen die verstandiges en die dwases sal duidelik aan die lig kom.

Die hede van genade is verby — Christus kom om te oordeel die lewende en die dode.

'n Skerp skeidslyn sal die mense in twee groepe verdeel — aan die een kant sal staan die geseëndes van die Vader en aan die ander kant die werkers van die ongeregtigheid. Die oestyd het aangebreek — deur die Hemelse maaiers sal die koring gedra word in die Hemelse skure, maar die kaf sal met onuitbluslike vuur verbrand word. Die einde van alle dinge is naby — die Regter staan voor die deur.

Deur die verkondiging van die Evangelie word die mense ontdek in hulle ware gedaante — alle dekmantels en alle maskers word afgeruk. Aan Johannes word 'n rietstok gegee en die Engel gee hom bevel om die tempel van God te meet en die altaar en die wat daarin aanbid — die voorhof buitekant die tempel moet egter deur hom uitgelaat en nie gemeet word nie, want dit is aan die heidene gegee. Deur Johannes moet onderskeid en daarom skeiding gemaak word.

Alleen die eintlike tempel word gespaar d.w.s. die deel waar die brandoffer-altaar staan, die altaar wat spreek van versoening van die sonde van die mense. Almal wat hier in die tempel aanbid word afgesonder, m.a.w. al die gelowiges is lewende stene waarmee die geestelike tempel volgens die bestek van God self gebou word. Salig is alleen hulle wat die Here aanbid en dien in gees en in waarheid.

Diegene wat weier om deur die bloed van Christus gereinig te word van hulle sonde, hulle sal saam met die heidene gereken word, en uitgesluit word van die salige gemeenskap van God in Christus Jesus.

Die hoofhof om die tempel, sowel as die heilige stad word prys gegee aan die heidene, want Jerusalem sal 42 maande

vertrap word. Jerusalem sal nie langer die heilige stad wees nie, die plek waar God sy genade bekend gemaak het nie. Nee die hede van genade is verby tans word almal uitgesluit uit die heilstaat, almal wat die Evangelie gehoor het maar nie daarna geluister het nie.

Die oordeel begin by die huis van God. Wee hulle aan wie die weg van saligheid aangewys is, maar dit nie bewandel het nie; wee hulle aan wie die wil van God bekend gemaak is maar dit nie gedoen het nie. Daarom is dit vir ons almal dringend noodsaaklik om die hand in die eie boesem te steek en ons self ernstig te ondersoek, in welke verhouding ons tot Christus staan. Is ons diep onrein gemoed, reeds rein gewas in Jesus bloed? Word ons reeds getel onder die ware aanbidders, wat Hom aanroep in gees en in waarheid? Staan ons reeds aanbiddend rondom die altaar van versoening, of behoort ons nog by die burgers van Jerusalem wat saam met die heidene in die buitense voorhof staan en die kruis op Golgota slegs uit belangstelling gade slaan, sonder dat die kruis vir ons geword het die boom van die lewe? Het ons reeds deur die geloof een plant met Christus geword of het ons maar slegs die gedaante van Godsaligheid? Dis gevaarlik om op twee gedagtes te hink — ons moet kies voor of teen Christus, want die wat nie vir Hom is nie is teen Hom. Indien ons hart nie 'n woonplek is van die Heilige Gees nie dan is ons handlangers van die satan. Die gevaar is so groot om die Here alleen met die lippe te dien terwyl ons hart ver van Hom is. So maklik kan ons Godsdiens slegs skyn wees, uiterlike vertoon, terwyl ons in werklikheid staan buite die gemeenskap van Christus. En daarom erken nou wat tot u vrede en saligheid dien voor dat dit te laat, vir ewig te laat is; waak om nie die wese van die Godsdiens te gaan soek in allerlei uiterlike dinge. Die Here sal nie aan ons vra of ons in hierdie lewe sakke of klere aangetrek het nie. Hy sal ons nie vra of ons kaalvoet geloop het en of ons skoene gedra het nie, Hy sal ons nie vra of ons slegs brood en water geëet het en ander voedsel versmaad het nie, Hy sal ons nie vra of ons hare en baard laat groei of afgeskeer het nie — nee vir Hom kom dit aan op die gesindheid van ons hart — ons hart sal geweeg word op die skale van Gods heilige reg.

Nie hulle sal gered word wat op die hoeke van die strate roep: Here, Here! nie maar die wat doen die wil van onse Vader wat in die Hemel is. Op die lewens vraag: Wat moet ek doen om gered te word, is daar slegs die een regte antwoord n.l. glo in die Here Christus. Waak daarom vir die valse profete wat die nadruk laat val op allerlei uiterlike dinge. Op die geloof in Christus kom dit te staan. Sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag.

Die oordeel begin by die huis van die Here. Deur die maatstaf in die hand van Johannes word daar skeiding gemaak — skeiding tussen wat heilig en vals is, skeiding tussen ware gelowiges en die skyngelowiges.

Hierdie skeidslyn word nog verder deur getrek deur die getuienis van Gods woord — aan die een kant sal hulle staan die wat die woord van God hoor en bewaar, en aan die ander kant sal diegene staan wat die Evangelie van Christus moedswillig verwerp — dit is die hoofgedagte waar die gesig van die twee getuies die nadruk op laat val. Omtrent hierdie twee getuies — wie met hulle bedoel word ens. — is in die loop van die eeue al baie gefantaseer.

Die vermeerdering van die kennis van die Openbaringboek het egter aan hierdie gissing en spekulasies 'n einde gemaak.

Net soos dit met al die getalle in hierdie boek die geval is, kan ook hierdie getal „twee" nie letterlik opgeneem word nie. Met hierdie twee getuie word geensins twee bepaalde dienskneqte van God bedoel nie.

In die Bybel dui die getal twee „bevestiging," sekerheid, waaragtigheid aan. 'n Treffende voorbeeld vind ons in Gen. 41 (vs. 32). Hier sê Josef vir Farao as hy sy drome verklaar: „En wat dit betref dat die droom vir Farao tweemaal herhaal is — dit is omdat die saak deur God vas besluit is en God dit sal doen." — God is 'n waarmaker van sy woord. Of soos dit in Num. 23 (vs. 19) staan „God is geen mens dat hy sou lieg nie." Die twee getuies waarvan in ons tekshoofstuk gespreek word moet dus simbolies gesien word — hulle stel voor die onwrikbare en onwraakbare getuienis van God. Aan elkeen, en almal sal die woord van God verkondig word.

Sommige skrifkenners verklaar hierdie getuies as bedoelende die Wet en die Evangelie m.a.w. die wil van God sowel as die blye boodskap van Jesus Christus sal aan alle mense bekend gemaak word voor dat die beslissende uur sal aanbreek. En buitendien as die woord van God aan alle Kreature moet verkondig word dan is dit tog onmoontlik vir slegs twee getuies om te getuig van die see tot aan die see en van die rivier tot aan die uiterste eindes van die aarde. Jesus self het voor sy kruis-dood reeds sewentig getuies, twee twee uitgestuur. Twee, twee weer met dieselfde bedoeling dat wat hulle verkondig waar en seker is, want Hy sê, sodat in die mond van twee of drie getuies elke woord kan vas staan. Matt. 18 vs. 16. En voor sy hemelvaart het Christus vir almal wat in Jerusalem bymekaar gekom het gesê: „En julle sal my getuie wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en tot aan die uiterste van die aarde." Hand. 19.

Van hierdie twee getuies staan daar verder geskryf dat hulle twee olyfbome en die twee kandelaars is, wat voor die God van die aarde staan. Met hierdie beeld word herinner aan die gesig van die profeet Sagaria. As die profeet hierdie beeld gebruik dan dink hy aan Josua en Serubabel in wie die priesterlike en koninklike amp na die ballingskap weer opgebloei het.

Dit is dus dwaasheid en 'n bewys van verregaande onkunde as die mense wat hulle onder ons uitgee as die twee getuies hulleself noem Abraham en Josua. Van Abraham en Josua, die leier van die intog in Kanaän kan hier geen sprake wees nie.

Die getuies word vergelyk met olyfbome en kandelaars m.a.w. hulle werksaamheid sal rus op die mededeling van die Heilige Gees. Net soos die kandelaar alleen lig kan versprei as hy van olie voorsien word net so sal hierdie getuies alleen kan getuig as hulle gelei, geleer en geinspireer word deur die Heilige Gees. Deur die gees van Christus word sy gesante in alle waarheid gelei en bekwaam gemaak vir die roeping waarmee hy hulle geroep het.

Die getuies van Christus, nie net twee nie, maar almal oor die lengte en breedte van die wêreld sien Johannes hulle met sakke beklee m.a.w. hulle bedryf rou vanweë die ongeregtigheid van die mense en die sonde wat geweldige afmetings aanneem. Hulle klere pas by die gedaante van hierdie wêreld. En hierdie profesie gaan nog elke dag in vervulling. Al die getuies van Christus treur in hulle hart oor die sonde van die mense. Van elke kansel word elke Sondag die klag verneem dat die mense doen wat kwaad is in die oë van die Here.

Maar Christus verwag dit seker nie van sy getuies om werklik sakke om te hang nie. Wie het die sonde pynliker gevoel as Jesus self en nooit het Hy sakke omgehang nie maar Hy het dieselfde klere gedra wat die mense van sy tyd gedra het. Die profeet Joël sê dan ook: „Skeur julle hart en nie julle klere nie." Op Godsdienstige gebied is daar geen plek vir toneelspelers nie, die Here sien nie aan wat voor oë is nie, nee hy sien die hart aan.

Hierdie Godsgetuies profeteer 1260 dae — hulle sal net solank profeteer as wat die heidene die Heilige stad sal vertrap want 1260 dae is 42 maande of 3½ jaar.

Die getal „7" dui in Openbaring volmaaktheid aan — van die skepping tot die koms van Christus word gereken 3½ jaar en van die koms van Christus tot by Sy wederkoms weer 3½ jaar, dus bymekaar 7 jaar.

Die heidene sal die Heilige stad 42 maande vertrap, 42 is 6 × 7. Met die grootste inspanning van sy bose kragte sal die satan slegs sover kom as 6 × 7. 7 × 7 die getal van Goddelike

volmaaktheid sal hy nooit bereik nie. Geweldig is die worsteling van die satan om die werk van Christus te vernietig, maar teenoor sy donker werk staan die getuienis van die Gods getuies — hulle profeteer 1260 dae m.a.w. dag en nag, sonder om te vertraag dring hulle by die mense aan: om Christus ontwil laat julle met God versoen. Aan die getuies van die Here word Goddelike krag verleen. Hulle teenstanders sal deur die oordele van die almagtige getref word — lees vs. 5 en 6.

Ongetwyfeld word hier gesinspeel op Moses en Elia wat deur vuur uit die hemel vyand en teenstander verdelg het. God gee sy dienskneg tekens om die waarheid van die woord wat hulle verkondig te staaf en te bevestig. Voorbeelde word hier gegee uit die geskiedenis om aan te toon dat die Here sy dienaars op die mees kenlike wyse ondersteun. Hy volbring Sy krag in menselike swakheid. Maar alhoewel die woord van God met klimmende erns verkondig word, weier die mense om hulle te bekeer. Met die felste vyandskap word die Godsgetuie bejeën — die mense verwerp op roekelose wyse die enigste kans van redding en behoud wat hulle aangebied word. Die bose oorwin, die bees uit die afgrond oorwin die Godsgesante — hulle lyke word op die strate gegooi van die groot stad wat geestelik genoem word Sodom en Egipte, waar ook onse Here gekruisig is. Hierdie groot stad is die middelpunt waar die magte van die bose saamgetrek word, in die stad waar die karakter vertoon van Sodom en Egipte. Dikwels is deur die profete Jerusalem vergelyk met Sodom en Egipte — ook in Jerusalem het die goddeloosheid dikwels geweldige afmetings aangeneem; die profete is gedood en die gelowiges verdruk. Jerusalem wou nie erken wat tot haar vrede dien nie, maar het self die Christus uitgewerp en gekruisig. En as die Godsgetuies dood is dan gaan daar van die wêreld 'n juigtoon op — die mense bring vir mekaar geskenke omdat hulle dankbaar is dat die getuies wat hulle sondes veroordeel het vergoed die swye opgelê is. Nou kan die goddeloses maar ongehinderd eet en drink en vrolik wees, daar is nou niemand meer wat hulle vermaan en waarsku nie.

3½ Jaar het hierdie getuies die woord van God verkondig en nou word hulle lyke 3½ dag op die straat gegooi. Die wêreld dryf op 'n goddelose wyse met hulle die spot. Hulle word met veragting behandel.

Maar as die nag op die donkerste is is die dagbreek naby. Na 3½ dag word die getuies deur 'n Goddelike wonder opgerig. Die gees van God word oor hulle vaardig en daarom staan hulle op uit die dood.

Hierdie getuies wat gewillig was om saam met Christus te ly, word nou ook saam met Hom verheerlik. Self die poorte van die hel sal die gemeente van Christus nie oorweldig nie

Die oorwinning van die wêreld is slegs skynbedrog; Christus alleen is oorwinnaar. Wee in die dag van die oordeel die goddeloses wat die woord van God verwerp het — wee hulle vir wie die kruis van Christus nog nie geword het die boom van die lewe nie — hulle sal verteer word deur die vuurgloed van Gods regverdige toorn. Die Almagtige laat Hom nie bespot nie. Vreeslik is dit om te val in die hande van die lewende God. God is liefde maar God is ook 'n verterende vuur. En is die mense wat hulle onder ons uit gee as twee Godsgetuies nie ook saam met die goddelose wêreld besig is om met die woord van God te spot nie? Is hulle nie besig om van die Godsdiens 'n karakatuur te maak nie? Is hulle nie besig om met heilige dinge te smous nie?

Gemeet met die maatstaf van Godswoord is hulle niks anders as toneelspelers nie; baie van die mense wat die Bybel misbruik om vir hulleself propaganda te maak is mense wat te lui is om te werk om nou onder die dekmantel van Godsdiens 'n lui-lekker lewe lei.

God het sy woord aan sy kerk gegee, die kerk wat byna twee duisend jaar die lig van die Evangelie uitdra in hierdie donker wêreld. As die kerk verkeerd is en gedwaal het sou hy al lankal ondergegaan het. Sektes kom en verdwyn, vals profete kom en gaan maar

Christus hou self sy kerk in stand
Vergeefs die hel se woede!
Gesete aan Gods regterhand,
Hou Hy haar in sy hoede.
Hy is in alle leed
Steeds tot haar hulp gereed;
Hy staaf sy roem alom,
Waak vir die Christendom
Al blaak die hel van woede.

Brakpan. J.J.P.

MATHYS MARTINUS BEZUIDENHOUT.

Hierdie Broeder is gebore op 16 Oktober 1882 en oorlede op 22 Februarie 1943. Hy was getroud met Rachel Cornelia Joubert. Hy was een van die stigters en steenpilare van die gemeente Van der Hoff, en jare lank ouderling. Meermale het hy die gemeente op die Algemene Kerkvergadering verteenwoordig. Sy troue dienste word nie vergeet nie. Hy was 'n krag en het veel gedoen. Sy nagedagtenis sal tot seën wees.

S.P.E.



Ds. J. Beyer en Gesin, 1865.

OOR 'N VROEËRE PREDIKANTE-KLEREDRAG.

Die Hervormde Kerk ken geen offisiële ampsgewaad nie, maar het ten alle tye van sy predikante verwag dat hulle in die daaglikse lewe waardig en deftig gekleed moet gaan. Dit is begryplik, want hulle moet beskou word as dienaars van Christus en bedienaars van die verborgenhede van God, soos Paulus dit in 1 Korinthiërs 4 vers 1 uitdruk. In die Roomse Kerk was en is die priesters gekleed in wit gewade. Die protestantisme en met name die Hervormde Kerke het die deftige swart daarteenoor gestel, en dit het hom tot nou toe gehandhaaf.

In die sewentiende en agtiende eeu was die deftige kleding 'n lang baadjie (manel) met 'n kortbroek en lang swart kouse. Dit was smaakvol om die broek onder die knie met *silwer* gespes vas te maak terwyl op die skoene weer groot breë *silwer* gespes was. Die predikante het dit ook gedra, terwyl op die preekstoel dan nog op die rug 'n ses tot agtduim breë strook van satyn en fluweel afgehang het, wat die mantel genoem is. Voor die gebruik van die toga het ons predikante ook nog die mantel gedra en nou nog word in art. 282 van die Kerkwet bepaal dat die predikante en professore in die samekoms van die Algemene Kerkvergadering „toga of mantel met bef" moet dra.

Ds. N. J. van Warmelo het reeds in Junie 1865 op die vergadering van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering voorgestel om in navolging van Holland die mantel op die preekstoel met die toga te vervang, maar die Kommissie het egter besluit „om er mede te wachten tot later en gelegener tijd." Die eerste keer dat in Transvaal die toga gedra is, was deur prof. dr. P. J. Muller op Saterdag 25 Februarie 1905 by die inwyding van die teenswoordige kerkgebou van Pretoria. Hy het van toe af gereeld daarin gepreek, en is nagevolg deur ds. L. E. Brandt e.a. Die predikante van die Ned. Herv. of Geref. Kerk het toe ook die toga by die openbare erediens begin dra. Die mantel het dan ook vrywel algemeen in onbruik geraak, die jongere geslag ken dit nie meer nie, en daarom druk ons hier 'n portret af van die mantel van wyle ds. M. J. Goddefroy. In die Almanak van 1933 kom op bls. 88 portrette voor van ds. J. A. Smits en ds. G. van Warmelo, die vaders van ds. G. W. Smits en ds. N. J. van Warmelo, waarop die mantels duidelik te sien is.

Die kortbroek is lankal afgeskaf. Na die Franse Rewolusie het dit as gewone drag uit die daaglikse lewe verdwyn. In deftige samekomste het dit nog 'n tydlang bly voortbestaan, en ook die predikante het dit bly dra veral op die preekstoel.



Mantel van
Ds. M. J. Goddefroy

Saam met die kortbroek is ook die steek gedra, d.i. die driekantige punthoed. Hierdie steek het met die kortbroek verdwyn.

Daar bestaan van Suid-Afrikaanse predikante slegs enkele portrette waar hulle die steek op het, maar sover as ek weet is daar maar van een predikant 'n portret met steek en kortbroek bewaar en wel van ds. J. Beyer wat in die jare 1862 tot 1869 predikant van die Gereformeerde gemeente te Reddersburg was. Dit is in 1865 in die Vrystaat geneem. Ons sien hierop ds. Beyer met die bybel voor hom oop, en die steek op die knie. Die kortbroek is duidelik sigbaar. Verder kom op die portret sy tweede vrou voor, Beitske van der Heide, met wie hy op 22 Maart 1862 te Reddersburg deur ds. D. Postma in die huwelik bevestig is. Die vier kinders op die portret was kinders uit sy eerste huwelik met Hendrika Louman wat op 3 Augustus 1860 in Holland oorlede is. Die seuntjie met die sweep is die latere ds. J. Beyer, predikant van die Hervormde gemeente van Zeerust, en daarna van Standerton. Hierdie ds. J. Beyer het predikant van die Hervormde Kerk geword, omdat, soos hy my persoonlik meegedeel het, hy bitter gekrenk was oor, volgens sy mening, die griewende en onregverdige behandeling wat sy vader in die jare 1870 tot 1874 in die Geref. Kerk van S.A. en van Holland ondervind het en waardeur hy selfs die Geref. Kerk verlaat het, en op 1 Maart 1876 te Rotterdam buite die gemeenskap van die Geref. Kerk oorlede is.

Hierdie moeilikhede van ds. J. Beyer sr. staan in nou verband met die latere moeilikhede van ds. S. D. Venter wat hom in 1877 van die Geref. Kerk afgeskei het, en aparte gemeentes bedien het tot kort voor sy dood op 12 Oktober 1895 te Kapteinskraal, dist. Bethulie.

Sowel oor hierdie Beyer-saak as oor die Venter-saak besit ek 'n dik pak gegewens bestaande uit notule, briewe ens. Dit werp 'n blik op godsdienstige, kerklike en maatskaplike toestande van vroeëre jare.

S.P.E.

Hendrik Heugh Munro.

HENDRIK HEUGH MUNRO.

Die lewensloop van wyle die heer Hendrik Heugh Munro kan in meer dan een opsig merkwaardig genoem word. Hy is op 7 Julie 1863 op die plaas Zeekoerivier, ongeveer vyf myl van Humansdorp, Kaapkolonie, gebore. Sy ouers was Hendrik Heugh Munro en Maria Martha Wilhelmina Fourie. Later het hulle na die plaas Kabeljauwsrivier verhuis. Hy was nog jonk, nog maar 'n kind, toe 'n seker persoon wie se naam ons hier maar sal verswyg en dit as X sal aandui, aan sy ouers gevra het om hom op 'n handelstog saam te neem na die binneland. Die avontuurlike aan so'n tog verbonde was aanloklik, en die klein Hendrik wou dan ook baie graag saam gaan. Sy vader wou dit eers glad nie toestaan nie, maar sy moeder het dit goed gevind, en die uiteinde was dat X hom kon saam neem. Die doel van die handelstog was om twee vragte boeremaaksel stoele en banke te verruil. X het sy vrou en 'n aangenome dogter ook saamgevat en verder was daar nog 'n Kaffer en 'n Hotnot by. Dit is te begrype dat hy Hendrik op die pad goed kon gebruik, en hy het hom dan ook by een van die waens laat toulei.

Die tog het in 'n noordelike rigting oor Kookhuis gegaan. In die distrik Cradock het X by 'n sekere Webster 'n groot en sterk wa geleen en een van sy eie waens wat minder goed was, agter laat staan. By Bethulie is hulle oor Grootrivier en het hulle die Vrystaat ingetrek, en kort hierop het die seun van X en sy vrou hulle by die tog aangesluit. Maar waarheen trek hulle dan? Die klein Hendrik het daar nie veel van begryp nie, totdat X op 'n goeie dag aan hom sê dat hy nou moes oppas want dit was nou nie meer die Kaapkolonie nie, maar die Vrystaat. X het daarmee bedoel dat hy nou uit die bereik was van die arm van die wet waarvoor hy gevlug het, en dat hy met Hendrik kon maak wat hy wil, en toe laasgenoemde hom dan ook 'n nadere verduideliking vra, het hy as onomwonde antwoord van X verneem dat hulle nie weer na die Kaapkolonie sou terug gaan nie. En Hendrik het dan van nou af ook 'n besonder harde behandeling ondervind. Hy het van die skoondogter van X verneem dat die wesenlike doel van die tog nie was om handel te dryf nie, maar om uit die Kaapkolonie vir skulde te vlug. Webster het dan ook nooit sy wa teruggesien nie wat hy aan X geleen het, net so min as twee persone met die name van Wessel Muller en Hendrik Muller ooit die wa en span osse terug gekry het wat X in verband met die tog van hulle geleen het. Hendrik wou toe saam met die Kaffer en die Hotnot terug huistoe gaan, maar X het geweet om dit

te belet. Die Kaffer het egter wel later daarin geslaag om weg te kom.

X het met sy trek verder noordwaarts gegaan tot in die buurt van Vaalrivier naby Parys waar hulle 'n jaar gestaan het. Hendrik het toe 'n harde lewe gehad, en is baie sleg behandel en soms byna geen kos gekry nie. Ja, dit was so erg dat die vrou van X meermale kos onder haar voorskoot weggesteek het om dit stilletjies aan hom te gee. X is later met 'n kar en vier esels na die Wakkerstroomse wêreld om woonplek te soek, en waarheen hulle dan ook verhuis het. Hendrik moes al die tyd vir hom sonder enige loon werk.

In 1884 het Hendrik aan die oorlog teen Usipu en Oham deelgeneem, toe 'n Boerekommando van 800 man ten behoewe van Dinizulu die twee opstandige onderhorige kapteins help beveg het. Die resultaat vir hierdie Boerekommando was die ontstaan van die Nuwe Republiek — later bekend as die distrik Vryheid. Elke burger wat aan die stryd deelgeneem het, was geregtig op 'n plaas, maar Hendrik Munro het sy plaas egter nooit gekry nie, want X het dit gewoonweg gevat en behou.

Die familie in die Kaapkolonie het intussen glad nie geweet wat van hom geword het nie en waar X na toe is nie, en eers langsamerhand het hulle die pynlike waarheid begin besef, toe X nie weer terug gekom het nie. Alle nasporinge was vergeefs.

Intussen het 'n ouere broer van Hendrik, nl. Joseph Munro, hom in Transvaal gevestig, en wel in die teenswoordige distrik van Bethal. Ook hy het alle moeite gedoen om Hendrik op te spoor. Maar, Suid-Afrika is so groot, en in daardie dae was daar in die binnelande geen telegraaf of treine nie. En *waar* moes gesoek word?

Op 'n goeie dag het X vir Hendrik na 'n sekere John Gilfillan gestuur. Laasgenoemde het 'n dogter gehad wat Joseph Munro goed geken het, en van wie sy gehoor het hy 'n broer had met die naam van Hendrik wat weggeraak het. Dit is dus begryplik dat sy toe sy 'n seun met die naam van Hendrik Munro ontmoet aan hom gevra het of hy 'n broer van Joseph was, en toe sy die toedrag van sake verneem, het sy dadelik aan Joseph geskryf, waarop laasgenoemde na John Gilfillan is, en toe hy daar aankom het John Gilfillan een van sy seuns gestuur om Hendrik te laat roep. X wou nog eers probeer om hom te belet om na Gilfillan te gaan, maar kon dit tog nie reg kry nie. Joseph en Hendrik het mekaar dadelik herken en nieteenstaande alle verset van die kant van X is Hendrik daar weg en saam met sy broer Joseph.

Die waardige Piet Geyser, ouderling van Trichardsfontein, het aangebied dat Hendrik by hom kon bly en in sy huis

opgeneem kon word wat ook gebeur het. Ouderling Geyser het hom laat onderwys gee en daarna is hy by ds. Van Warmelo lidmaat geword. Na die dood van ouderling Geyser het hy by die heer G. J. Engelbrecht gebly wat vanaf 1903 ouderling van Standerton en daarna van Morgenzon was en wat nou nog op hoë ouderdom van 84 jaar op die plaas Witbank woon.

Hendrik Munro is toe in 1894 met mej. C. J. S. Engelbrecht getroud, 'n suster van die genoemde heer G. J. Engelbrecht, en 'n dogter van die destydse ouderling G. J. Engelbrecht. Hy was 'n getroue burger van die land, 'n getroue lidmaat van die Ned. Hervormde Kerk, en was iemand van 'n godvrugtige en voorbeeldige lewenswandel. Op 29 Maart 1939 is hy oorlede.

Die portret wat ons hier van hom publiseer, is in 1896 geneem toe hy in verband met die Jameson-inval op kommando was.

S.P.E.



Begrafnis Marius Goddefroy



Boere graftes St. Helena.

BEGRAFNIS VAN MARIUS JOSEPH GODDEFROY
12 Februarie 1901.

Dit was die negende Februarie 1901. Die nag daal langsaam oor die tente-dorp van Boere-krygsgevangenes in Deadwoodkamp. Psalms en Gesange wat gewoonlik in begin van die aand deur die dampige lug weergalm, het in die late uur verstom. Hier en daar skyn nog 'n flou ligglans deur die vetgesmeerde tente: 'n olielampie van 'n late leser — van 'n sieke vir wie die nag te lang is. Lig skyn ook in die paar armsalige lokale, selfgebou van sakke en blikke waar sommige krygsgevangenes met spel en gesels tot laat in die nag afleiding soek.

En dan is dit lig by die stewige heinings en versperrings van doringdraad, waarbuite die skildwagte hulle vervelige paadjie loop, verlig deur sissende vlamme van blaasligte wat ook die naaste tente met 'n rooi gloed verf; bloedrooi in die dampige lug van die nag.

Deur verlate tentstrate stap haastig 'n jong man wat effe sy jong vriende verlaat het. By die laaste tent van die laaste kampstraat gekom, buk die seun om die klammerige tou van die tentklap los te maak. Gluiperig, soos een wat 'n gedierte bekruip, loer die naaste skildwag vir hom. Hoekom tog is vanaand die tou so styf geknoop? Waarom duur dit so noodlottig lang? Maak gou tog, gou! Eindelik is die klap ver genoeg oop, nou nog net 'n stap, — bukkend .... 'n skoot skeur die nagstilte .... 'n doodskoot.

Soos 'n blok plof die swaar liggaam vooroor in die tent, val tussen slapende maats. 'n Enkele woord roep nog vir een wat nie meer kan help nie .... „dokter"!

As gerugte van die misdaad van tent tot tent versprei, ruis 'n rumoer deur die kamp soos van 'n rivier wat afkom. Styg magtelose woede tot 'n doellose daad. — Wraak! Met byle, houtstompe en stokke storm hulle na die drade. Nouliks kry wyse raad gehoor: —

„Mense jul is sonder wapens. Wat tog kan jul bereik? 'n Bloedbad, 'n selfmoord!" Wel vlug wagte bangerig weg van die drade, maar beuls blaas alarm; maksims staan klaar, en duisend Lee Metfords ....

Skoorvoetend keer besinning terug. Grimmig eis hulle geregtigheid. Talle drogredene kom van die vyand: die prisonier wou ontvlug; daar is met klippe gegooi; met die

wagte geraas. Leuens, alles ontsenu deur die koel se pad deur die liggaam: van heup na skouer! Maar niemand mag mos die lyk meer sien nie.

Die wag, gearresteerd, sal na Engeland gestuur word. Hy het sy sin. Die lewe op St. Helena is vervelig vir wagte sowel as prisoniers.

Marius Joseph Goddefroy, seun en naamgenoot van ds. M. J. Goddefroy, is met krygsmanseer begrawe. Op 'n Engelse kanonwa is die lyk grafwaarts gevoer, gedek deur die Vierkleur, omring deur sy vriende.

Eensaam en stil, op die hange van 'n berg lê hy in ewige rus onder donker bome.

Eensaam ... maar nie vir lang,
want kort-kort golf
'n droewe sang,
as ander vriende
weer een dra,
wat hier kom rus,
ten ew'ge dae.

Stil . . . . . tot seewind deur die bome suis,
en stamme kreun hul droewe deun,
'n lied van leed deur kruine ruis;
vir die wat lê aan hulle voet;
'n sug wat groei
tot gil van smart,
as suid-oos storms
met woes gehuil,
deur groen-swart
pyne loei.

J. A. VALKS.

opsê. Nou rus oom Tobias.

T. J. MULDER.

Tobias Johannes Mulder is op 5 Julie 1857 in die distrik Oudtshoorn gebore en is omstreeks 1865 na Transvaal toe sy ouers hulle op Driefontein in die teenswoordige distrik Krugersdorp gevestig het. Omstreeks 1889 het hy in die distrik Wakkerstroom gaan woon waar hy met mej. Francina Stoop, dogter van Volksraadslid A. A. Stoop, getroud is. In 1894 het hy diaken geword en later ouderling, en het Wakkerstroom meermale op die Algemene Kerkvergadering verteenwoordig. Hy het bly dien tot 1928 toe hy die distrik verlaat het en na Morgenzon verhuis het waar hy op 20 Desember 1936 oorlede is. Hy was iemand met 'n ingebore aristokrasie. Sy geheue het aan die ongelooflike gegrens. As hy 'n stuk gelees het kon hy dit Sy nagedagtenis is tot seën.

S.P.E.



Johannes Nicolaas Rudolf Engelbrecht, seun van Gerh. Joh Engelbrecht en Johanna Hendrika Roets.



Gerhardus Johannes Engelbrecht, seun van Gerh. Joh. Engelbrecht en Joh. Hendr. Roets.

GERHARDUS JOHANNES ENGELBRECHT

Gerhardus Johannes Engelbrecht is op 17 Maart 1820 in die Kaapkolonie gebore. Hy was 'n seun van Adriaan Stephanus Engelbrecht en Johanna Jacoba Geere. Hierdie Adriaan Stephanus was 'n oom van die in vroeëre jare so bekende Standertonse kommandant Gerhardus Engelbrecht (1821-1904) van wie 'n portret in die Almanak van 1928 bls. 181 voorkom; verder was hy 'n swaer van Abraham Carel Bothma, een van die manne wat in 1816 by Slagtersnek opgehang is. Adriaan Engelbrecht was self ook by die opstand betrokke, maar het met 'n mindere veroordeling afgekom.

Gerhardus Johannes is in 1837 met sy ouers saam met die Groot Trek. Na die moord op Retief en die moorde van Bloukrans het hy aan verskillende kommando's teen die Zulus deelgeneem. Toe Natal deur die Engelse geannekseer is, is hy na die Vrystaat en het in 1848 aan die slag van Boomplaas deelgeneem, waarna hy na Transvaal toe is en hom op die plaas Leeuwfontein by Rhenosterpoort in die teenswoordige distrik Pretoria gevestig het. Hy is met Johanna Hendrika Roets getroud, en na haar dood met Aletta Maria Vermeulen, weduwee van Jan Gabriel Marais jnr. van Diepkloof, distrik Heidelberg. Sy was 'n dogter van Hendrik Johannes Vermeulen wat later op Hartebeestpoort by Silverton en daarna in Pretoria gewoon het, en na wie Vermeulenstraat aldaar genoem is.

Die portret wat ons hier afdruk is van hom en sy tweede vrou. Die twee kinders wat daarop staan is hulle seun George Diederik en dogter Catharina Elisabeth, later getroud met Nantes Bernard Lombard. Verder druk ons nog portrette af van twee seuns uit die eerste huwelik.

Op 9 Februarie 1896 is die ou Voortrekker op sy plaas Leeuwfontein oorlede. Ses dae voor sy dood het hy die volgende brief tot sy nabestaandes gerig:

Leeuwfontein, 3 Feb. 1896.

Afscheidsbrief aan mijne geliefde kinderen, kleinkinderen, achterkleinkinderen, en verdere bloedverwanten.

Geliefde nabestaanden!

Gevoelende dat de tijd nabij is, dat ik naar mijn tehuis, naar mijn eeuwig vaderland zal verrijzen, om daar te verschijnen voor mijn Heer en God, mijn Vader en Heiland, zoo gevoel ik mij nochtans gedrongen u allen die mij lief en zeer waard



Gerhardus Joh. Engelbrecht

waren nog een woord van afscheid toe te spreken, hopende dat gij allen dat woord van uwen ouden vader en vriend; dat woord van zoekende liefde in dank zult aannemen en daaraan denken.

In 1820 den 17den Maart geboren zijnde was ik nog maar 17 jaar toen ik de Kaapkolonie verlaten had. Het was in mijn tegenwoordigheid, dat onze toenmalige Commdt. Generaal zich en zijne volk vrij en ontheven verklaarde van elken band die ons tot nu toe aan Engeland gebonden had, toen wij de Oranje of Grootrivier zouden doortrekken. Vandaar naar Natal trek- kende was ik op verschillende Commando's tegen de Zulu's en toen wij dachten dat wij nu stil en rustig in dat wettig ver- kregen Natal zouden kunnen leven, toen is de Engelschman gekomen om ons dat met ons bloed verkregen Natal door list en geweld te ontnemen en in plaats van rustig te kunnen leven en wonen, moesten wij na gestreden te hebben maar wederom trekken, tot in den Vrijstaat, waar wij ook al weer op den Engelschman stuitten, en waar wij in 1848 slaags waren met de Engelschen op Boomplaats, en wij altijd doortrekken tot wij Vaalrivier door waren. Zoo is mijn leven voortgegaan altijd in strijd, altijd in onrust en kwam ik in 1850 in de streek waar ik nu ook hoop dat mijn graf zal zijn; in Rhenosterpoort. Ook na dien tijd heb ik nog altijd dienst gedaan op verschil- lende commando's. En toch heb ik redenen van dankbaarheid want hoe dikwerf ik ook de assegaaien van barbaren om mij

heen heb zien blinken, hoe dikwerf ook Engelsche kogels om mij heen gefloten hebben, de Heere heeft steeds zijne Goddelijke hand over mij gehouden, zoodat ik zelf niet een schrap van assegai of kogel aan mij heb. Hoewel ook mijn vee door kaffers gestolen werd, zoodat ik niets meer had, de Heere heeft mij wederom gezegend en mij op eerlijke wijze nog weer goed doen verkrijgen, zoodat ik nu oud en afgeleefd zijnde nog eerlijk kan leven. Dan mijne geliefden heb ik er altijd naar gestreefd om eerlijk en oprecht met mijne medemenschen te leven, zoodat ik meen te kunnen vertrouwen dat ik nu aan de eindpalen van mijn leven gekomen zijnde, ik ook zelfs zonder een vijand te hebben, de eeuwige ruste kan ingaan, met de vaste hope op mijn Verlosser en zaligmaker. Vervolgens wil ik u allen als liefhebbende vader en vriend, nog wijzen op eenige gebreken die ons in dit leven maar al te vaak aankleven:

1e Op den hoogmoed, hoogmoed brengt ons zeker en gewis tot den val, en ook onze Heiland was Hij ons niet een voorbeeld van minzaamheiid, van nederigheid? Het is daarom dat de apostel Paulus zeide: Dat gevoelen zij in u, hetwelk ook in Jezus Christus was, en heeft zelfs de Profeet Jesaja niet van hem geprofeteerd dat Hij was de onwaardigste onder de menschen en een man van smarten? O! Geliefden, wij zijn allen kinderen Gods en dus hebben wij allen eenen Vader, en dus is de een niets meer dan de ander, als kiinderen van eenen Vader kunnen allen behouden worden, die slechts het voorbeeld en het leven volgen van den Zoon, van onzen Hemelschen Vader, al wat wij verder aannemen en doen zijn slechts wegwerpelijke kleederen en die zullen ons tot zonde gerekend worden wanneer wij rekenschap moeten geven van wat wij gedaan hebben. Voorts wensch ik nog te wijzen op de haat, nijd, twist, verdeeldheden. Lieve kiinderen, bloedverwanten, en vrienden, waar geen liefde is, is ook geen geloof aan onzen Schepper, en zijnen lieven Zoon onzen eenigen algenoegzamen Zaligmaker en Heiland, die zelve de liefde was en is. O! Geliefden wij moeten beven voor het nakend uur, dat wij opgeroepen worden, om voor hem te verschijnen, en dat Hij zegt ons niet te willen kennen omdat wij Hem ook niet wilden kennen, en alzoo voor eeuwig buiten gesloten worden.

Waak en bid, bid zonder ophouden opdat gij niet in verzoeking komt, en dat de Heere u bereid vinde op elken dag, elk uur, ja, elken minuut, op zijne roepstem te komen.

Na heil en zegen aan allen toegewenscht te hebben,

Verblijf ik uw aller Vader en Vriend,

G. J. Engelbrecht, Sr.
S.P.E.

INDRUKKE VAN MY EERSTE JARE IN TRANSVAAL

Die eerste maal dat ek die naam Transvaal gehoor het was op 'n dag toe ek seker nog baie jonk was. Ek het in 'n straat gekom waar ek te vore nog nie was nie en daar sien ek drie seuntjies wat ingehaak singend oor die straat swaai. Seker omdat die omgewing vir my nuut was het die voorvalletjie so'n duidelike indruk in my gemaak dat ek dit onthou het, asook die begin van die straatliedjie:

„Hebt gij die vreugdekreet gehoord
Van de Boeren van Transvaal?"

Later het ek verstaan dat daardie woorde betrekking het op die oorwinninge in die Eerste Vryheidsoorlog.

Jare daarna het die naam Transvaal vir ons bekend geword deur die Driejarige oorlog. Toe het daardie naam voortdurend voor my aandag gekom. In die kerk het die predikant dikwels vir die Boere gebid en ons onderwysers het, wanneer hulle die dag met gebed begin, ook meermale dieselfde gedoen. Baie skietverenigings met Afrikaanse name is opgerig en strate is genoem na Boere-generaals en Boere-staatsmanne. Die musiekgeselskappe het die Transvaalse volkslied gespeel en elkeen het dit geken. Boeke met verhale oor die Boere is baie gelees. Uit my omgewing het selfs 'n paar jong manne vertrek om hier te kom veg en byna was my eie broer een van hulle. Oral en byna op elke gebied is mens aan die stryd wat die Afrikaners voer herinner. Op politieke gebied is daar vir arbitrasie (skeidsreg) en selfs intervensie (tussenkoms) gewerk.

Na die vrede het die simpatie vir die Afrikaanse volk in uiting gevind in kollektes vir die wederopbou en is verenigings gestig met die doel om die kulturele bande te versterk. Daar is ook steun gegee aan die oprigting van Christelike Nasionale skole en dit is in daardie dae dat op versoek van die Transvaalse bevolking verskeie Hollandse onderwysers hierheen gekom het.

Van die skool vir meer uitgebreide laer onderwys het ek na 'n normaalskool gegaan. Die Engels-Boere oorlog het toe al tot die verlede behoort en gedagtes aan Transvaal het selde meer in my opgekom. Maar op die normaalskool was dinge wat die naam weer in my gedagte gebring het. In die losieshuis het ek vir die eerste maal Afrikaners gesien; twee seuns wat vroeër daar skool gegaan het en weer 'n maal daar gekom het om die hoof van die skool te besoek; frisgeboude mooi seuns. De Villiers was hulle van; Vrystaters.

Elke seun daar het die reg gehad om as hy weggaan sy naam in die muur van die agterstoep te krap. Tussen al die name wat daar gestaan het was die van meer as een Afrikaner; ook die van Smit, die latere administrateur van Transvaal.

Eendag, gedurende die eerste jaar van my loopbaan as onderwyser, het ek, ontevrede met my lot, in my kamer gesit toe ek in ons onderwysblad 'n oproep sien vir applikasies vir die betrekking van onderwyser aan die C.N.O.-skool in Dullstroom, teen 'n vergoeding van vyf pond per maand met kos en inwoning.

In Zeeland was in my tyd die seuns swerfsugtig van aard. Die een sê vir jou: „ek wil na Indië gaan" en 'n ander „ek gaan as ek kan na Amerika" en 'n derde weer gaan na see; en die ouers was dikwels verplig om met daardie neiging rekening te hou. Om my tegemoet te kom gee myne my toe verlof om na Suid-Afrika te gaan onder voorwaarde dat ek na drie jare weer sou terugkom. Dit het ek belowe en dit het ek ook gedoen; die drie jaar was nog nie om toe ek weer my ouerlike huis binnestap.

Daar was in Dullstroom toe reeds 'n Hervormde kerk en daar het ek vir die eerste maal Ds. Godefroy hoor preek. Hy was 'n boeiende spreker en 'n indrukwekkende persoonlikheid.

In Dullstroom was destyds die meeste van die mense gebore Hollanders maar na my vertrek daar kom ek toe in die distrik Wakkerstroom in 'n suiwer Afrikaanse omgewing. Nogtans het ek geen moeite gedoen om Afrikaans te leer nie. Die mense het ons Hollanders ook nie aangemoedig om dit te doen nie. Hulle kon jou verstaan en was blykbaar van mening dat goeie Nederlands aangenamer is om te hoor as gebroke Afrikaans. Maar ook om ander redes het hulle daarvan gehou dat ons Hollands bly praat, veral in die geval van 'n onderwyser. Toe ek eenmaal die plan opgevat het om Afrikaans te leer het die man by wie ek in huis was taamlik bitsig vir my gesê dat hy niks van 'n Hollander wat sy taal laat staan hou nie. Dit het dan ook heel wat jare geduur voor ek my behoorlik in Afrikaans kon uitdruk. Ewewel het ek gaan besef dat Nederlands hier nie pas nie. Hollands is gegroei aan die waterkant en Afrikaans is 'n taal van die veld.

Na 'n kort verblyf in Wakkerstroom het ek na Witfontein, 'n plaas naby Bronkhorstspruit vertrek. Die betrekking daar het ek gekry deur bemiddeling van meneer Te Boekhorst, inspekteur van C.N.O.-skole in Transvaal. Die afspraak was ewewel dat ek slegs ses maande daar sou bly tot dat 'n sekere meneer Akkerhuis, wat toe nog in Holland was, my plek sou inneem. Na verloop van die ses maande het meneer Te Boekhorst my egter gesê dat genoemde heer Akkerhuis 'n betrekking

in Lydenburg gekry het en dat ek derhalwe maar in Witfontein moes bly.

Daar op Witfontein het hulle my die fondamente gewys van die, ek meen eerste, Nederduits Hervormde kerkgebou wat na die kerkvereniging opgerig is. Na die fondamente te oordeel moes die kerk baie klein gewees het en ek het my daaroor verwonder dat dit op 'n plaas gestaan het instede van, soos mens sou verwag, op een of ander dorp. Dit was natuurlik omdat daar op Witfontein en omgewing 'n kol was waar die mense nie met die kerkvereniging wou saamgaan nie maar aan die ou kerk vasgehou het.

Dit was gelukkig dat ek daar op Witfontein te lande gekom het want dit was aangename en beskaafde mense en die indruk wat ek daar van die Afrikaner gekry het het my 'n liefde vir land en volk gegee wat my nooit heeltemal verlaat het nie. Vir 'n lang tyd was ek daar tuis by Ignatius Prinsloo (oom Naas) wie se vrou tante Sarie, toe nog geleef het. Ek was daar verniet tuis en toe nie lank daarna die C.N.O.-skole deur die regering oorgeneem is en my salaris plotseling van vyf pond na £12.10.0 gestyg het, het hulle my slegs twee pond per maand vir kos en inwoning gevra. Ek was wel dankbaar vir hierdie en ander hartelikhede maar ek het, soos dit met vele jongmense die geval is, nie die gawe gehad om dit met woorde of dade te wys nie.

Die Afrikaanse natuur het 'n sterk indruk op my gemaak. Die groot oop vlaktes was vir my tegelyk mooi, groots en lieflik. Veral die vroeë winterlandskap, met sy ligte kleure, as die gras doodgeryp is maar nog hoog en dik staan, het my bekoor. Dan was die veld vir my mooier as in die somer en ek herinner my nog die verwondering van die man in Wakkerstroom toe ek dit vir hom sê. Vandag is die veld nie meer wat dit voorheen was nie. Daar is nou te veel huise en lande; daar is teerpaaie en mynhope; daar is meer stof. Die skoonheid van die veld kan jy nie van af 'n pad sien nie, net so min as wat jy die volle skoonheid van die see van af die strand kan sien. Jy moet deur die gras ry, vir ure en ure aanmekaar, reg op jou doel af, sonder dat êrens draad jou keer, dan begin jy naderhand te sien hoe die veld lyk.

Met die bosveld het ek kennis gemaak deur oorlede oom Piet van Rensburg, ook 'n Witfonteiner. Met hom was ek drie maande daar. Dit was in 1908 en daar het toe so te sê nog geen mense daar gewoon nie; maar in die winter was daar langs die rivier boere met hulle vee. Oom Piet wou van my 'n wilskut maak maar kon dit nie regkry nie want daarvoor het ek geen aanleg gehad nie. Hy was een van die sagaardigste en geduldigste mense wat ek geken het en ek het myself later soms gevra hoe hy dit drie maande lank uitgehou het met

jong vent wat van niks weet nie. Sy vrou, tante Pieternella was net so goed vir my.

Dit was aangenaam om na die jagverhale van die manne te sit en luister. Maar nie alleen oor jag het hulle in hul tente en huise vertel nie, ook oor allerhande ander dinge; oor oorloë met Engelse en Kaffers, oor spoke en drome, oor die gebeurtenisse in die kerk; maar veral oor die Driejarige oorlog. Dit was nog maar weinige jare na die vrede en die herinneringe van die lang oorlog was nog vars en dit het my verwonder met hoe weinig haat en wraaksug die mense in daardie dae daarvan kon vertel. Vir ure kon ek na hul verhale sit en luister sonder dat dit my verveel.

'n Ander gewilde onderwerp was die bowe-natuurlike. Die Afrikaner hou daarvan om van buitengewone en onbegryplike dinge te hoor. Daarom hoor hy ook graag oor spoke vertel, of van drome wat uitgekom het, of oor toordery. Maar dit sou verkeerd wees om dit alles aan verbeelding of aan 'n verlange om interessante verhale te doen, toe te skrywe. Mens kry onder hulle ongetwyfeld baie met mediumieke eienskappe, mense wat gesigte sien en drome droom wat uitkom. Ook die verhale oor toordery en spoke is nie alles versinsels nie en die student in okkulte wetenskappe en spiritisme sou hier seker 'n ryk veld van ondersoek vind. Ds. Huet het in sy herinneringe van sy verblyf in Suid-Afrika daarop gewys.

Toe ek op Witfontein gekom het was hulle daar nog besig om die skool te bou en gedurende 'n maand was ek toe die gas van oorlede oom Gert Prinsloo van Tweefontein, die vader van Ds. Prinsloo van Brakpan. Daar het ek 'n bietjie les gegee maar dit was meer 'n vakansie as iets anders. Gasvrye mense die Boere van daardie dae en in veel opsigte, na my mening, 'n beskaafder en beter geslag as die geslag van vandag.

Een van die skoolkommissielede was oorlede oom Agom Prinsloo die vader van Ds. Prinsloo van Krugersdorp. 'n Ander lid was oorlede oom Niklaas Prinsloo die bekende kerkman. So het ek daar heel wat bekende persone leer ken. Ook Professor Muller, predikant van Pretoria en Bronkhorstspruit, wat toe tesame nog een gemeente was. Hy was 'n groot redenaar en daar is 'n paar preke van hom wat ek nou nog onthou.

In verband met die godsdienstige lewe van die Boere was daar meer as een ding wat my verwonder het. Eerstens was daar die byna algehele afwesigheid van bespreking van bybelse onderwerpe. Die mense gaan kerk-toe en by die huis vat hulle boeke maar oor die gehoorde of gelesene van gedagte wissel doen hulle selde. In Holland was ek dit anders gewoond gewees. Daar was dit in die kringe waarin ek groot geword

het die gewoonte om allerlei bybelse vraagstukke te bespreek. Dit het wel dikwels in stryery ontaard maar soms was dit opbouend en leersaam.

'n Ander oorsaak van verwondering was die feit dat soveel mense teen sending gekant was. Dit had ek al in Dullstroom gesien. Toe ek vir die eerste maal daarna gevra het het iemand geantwoord dat 'n sambok die beste evangelie vir 'n Kaffer is. Toe reeds het ek die Kerk se afsydige houding in hierdie saak betreur. Genoemde sake was seker nie oral so nie maar tog in vele kringe dink ek van wel. Miskien sou die louheid vir sending minder erg gewees het indien daar 'n begin sou gemaak gewees het met 'n sending waarvan beginsels en metodes die mense van ons kerk kon bevredig.

Wanneer ek terugdink aan my eerste jare in hierdie land dan sien ek dit soos mens 'n verre landskap sien en dan lyk daardie landskap mooier as die landskap om jou heen. Maar dit is in my geval nie net die verte wat die mooier laat lyk nie want dis nie meer dieselfde Transvaal nie; nie dieselfde land nie en nie dieselfde mense nie. Baie het verander en heel wat dinge nie tot verbetering of veraangenaming nie. Dit is dan ook met 'n mate van weemoed dat ek my my eerste jare in Transvaal herinner.

J. VAN MELLE

MY ONDERVINDINGS AS ONDERWYSER ONDER DIE S.A. REPUBLIEK.

As ek in die afsonderlike vakkie van my geheue, waar herinnerings aan Suid-Afrika gebêre is, snuffel, dan kom daar toneeltjies voor my gees op, wat amper uitgewis is, maar geleidelik duidelike vorms aanneem. Een van die lewendigstes daarvan is my eerste Sondag op 'n boereplaas aan Wilgerivier. Die sitkamer in die woonhuis is vol mense, gekom om die nuwe Hollander en meester te sien. Na ons mekaar gegroet het, maak een van die ouer mense 'n smaaklike grappie. Hy sê hy is nou seker, dat die aarde draai, want elke keer as die boonste stuk van die wêreld waar Holland lê, 'n bietjie oorsteek, dan val daar deur die draai een of meer Hollanders af en hulle kom by troppies in die Transvaal neer. Hy wil graag weet hoeveel daar in my klomp was. Ek vertel hom dat daar buiten myself nog drie ander mans was, drie vrouens en twee seuntjies, want een van ons mans het sy vrou en kinders saamgebring. „Sien julle nou," sê hy, „dat ek reg was." „Ja," beaam ek, „ek het gedoen soos die spreekwoord sê: Waar ek dit goed het, word my vaderland." 'n Ander uit die geselskap het vir my gevra, waarom ek die Transvaal gekies het. My antwoord was dat ek verskillende redes het. Ek het in Holland iemand leer ken wat vroeër hier gewees het. Hy het vir my vertel dat hier 'n groot gebrek aan Hollandse onderwysers was, wat deur die kinders hier te onderwys, die land sou help ontwikkel en sy onafhanklikheid bevorder. Verder word hy hier beter betaal en hy kry die kans om wat meer van die wêreld te sien op 'n gemaklike, goedkope manier.

„Hoe het jy gemaak om die reis gemaklik en goedkoop te doen?" vra een.

Ek vertel toe, dat my reiskoste deur die Transvaalse Goewerment betaal is op voorwaarde dat ek twee jaar lank hier skool hou. Maar ek moet die voorskot terug betaal as ek in gebreke bly om die voorwaarde na te kom. Verder het ek hulle vertel, dat die Onderwys Departement in Pretoria vir my na hierdie skool gestuur het.

Laat ons nou eers kennis maak met die bewoners van hierdie uitgestrekte plaas. Oom Flip was die oudste bewoner, wat met vrou en kleinseun aan die rivier geboer het. Hy had 'n eerbiedwaardige uiterlik met sy wit baard en lang gestalte. Hy was nie geneig om gou vrindskap te sluit, maar het dit ruimskoots gegee vir wie hy dit waardig keur. Hy en sy vrou het „al ver op hul dae gekom," maar tog behartig albei nog die plaas en die huis, getuie die florerende uiterlik daarvan

en met maar een helper vir ieder. Altwee was baie behulpsaam wat ek ondervind het toe ek 'n paar weke na my koms 'n aanval van nierkoliek daar gekry het. In hulle huis het ek toe alle hulp en versorging gekry, sodat ek na 'n paar dae my werk kon hervat.

Sy seun Paul, vir die tweede maal getroud, het op 'n hoër geleë deel van dieselfde plaas gebly. Hy was omtrent ewe oud as ek. Ons twee het vaak na die gebruik van die aandete en die boekvat gesellige uurtjies deurgebring met die beskrywing oor en weer van toestande in Holland en die Transvaal met anekdote en humoristiese grappies deurspek. Ek was baie bly om inligtings te verkry omtrent Afrikaanse gebruike en tradisies.

Op dieselfde plaas maar oorkant die rivier het 'n broer van Oom Flip geboer, Oom Cejus. Hy het hom meer eenkant gehou en het twee kinders, 'n dogter en 'n seuntjie, skool toe gestuur. Almal was gegoede boere.

Die ouers van die kinders het eers ooreen gekom om skool te hou op Paul se werf, waar 'n steengebou al opgesit was vir hierdie doel, maar later het hulle besluit om die meer sentrale werf van Oom Flip te kies vir skoolhou, terwille van die meisiekind. 'n Pakkamer sou daar vir skool ingerig word. Ek het geen beswaar gemaak nie, omdat dit vir my gesondheid beter was om verplig te wees wat te loop.

Die pakkamer was 'n lae geboutjie met mure van roustene, 'n grond vloer en 'n grasdak. Die lig was op so'n beskeie skaal toegelaat deur net een vaste venster, dat die deur moes meehelp vir instroming van lig en lug. Voor die venster was 'n groot tafel aangebring. Daarrond staan 'n stoel vir my en twee banke vir die ses skoliere. Agter my was die oop deur en daarteenoor langs die muur lê op 'n lae raamwerk van pale 'n tiental sakke mielies, versier met bundels hawergerwe. Enkele families rotte en muise het dieselfde kamer as eetsaal, speel- en verblyfplek gekies. Partykeer het van hulle op hul agterste pote gaan staan om ons, indringers, met nuusgierige verstoorde ogies te beloer. Hul ouers het 'n strawwe dissipliene op die kleinspan toegepas, want partykeer kon ons 'n gevoelige afstraffing verneem. Die huishouding en teenwoordigheid van die knaagdiere het die skoolkinders egter Siberies koud gelaat. So het die kamer voedsel verskaf vir die gees sowel as vir die vleis.

Die skooltye was van 9—12 v.m. en van 1.30—3.30 n.m. Op een dag per week driekwart uur katkisasie na skooltye. Die tydtafel het omvat: Bybelse Gesk., lees, skryf, rekene, vaderlandse gesk., en aardrykskunde. Die onderwys was grotendeels hoofdelik, behalwe by die beginners. Die skool is met gesang en gebed geopen en gesluit. Omdat al die ouers

tot die Gereformeerde Kerk behoor het, is net Psalms gesing. Daar was 6 kinders, waarvan 4 beginners, 1 in Standerd II en een, die dogter, in Standerd III. Die aanvanklike leesonderwys was 'n toepassing van die klankmetode, deur die mense as Boesmantaal beskrywe. Oom Flip het my opmerksaam gemaak op die ooreenkoms. Maar hy was baie verwonder, toe ek hom bewys, dat as ons baie stadig praat en elke klank in 'n woord afsonderlik laat hoor, ons dan ook Boesmantaal praat. As voorbeeld het ek geneem: „k-o-m s-i-t b-y m-y o-p d-i-e k-l-i-p." As 'n leerling die tekens of klanke en hul name ken, dan kan hy self woorde daarmee maak. Wat moeilik was vir die kinders was die diktees, omdat die Hollands en die Afrikaans in die uitspraak vaak verskil, veral in die uitspraak van die *i* en *e*: Hollands *is* = Afrikaans *es* in die uitspraak, so ook *ik* en *ek* ens.

'n Groot moeilikheid was om boeke en ander skoolbehoeftes te kry. Hoewel hulle dadelik by my aankoms bestel is, het dit lank gevat voor ek hulle gekry het. Die oorsaak daarvan moet nie gesoek word by die afsender, maar by die ywer van die omwoners om dit nader aan jou te bring deur dit na hulle huise te neem, waar dit dan gebly het, sonder dit jou te laat weet.

'n Skoolbord was ook onmisbaar, maar gou is een gemaak van die voorstuk van 'n gepensioneerde kar. Nou kryt! Pypies kryt was onbekend op die plaas. Die enigste plan om dit gou magtig te word was: ry te perd na die naaste winkel, d.w.s. ± 4 of 5 myl van daar. Die eersvolgende Saterdag het meester onder toesig van sy oudste leerling winkel-toe gery. Meester was, soos bekend, nog 'n nuweling in die edele perdrykuns. Op die môre van die laaste dag van die week het die laaste een uit die huis kom loop om getuie te wees van die spektakel met opstyg. Omdat perde hier, net soos hulle base, altyd haastig is, wat my natuurlik onbekend was, het Flip die perd vas gehou tot ek op was. My allernodigste inkope: kryt, griffies, ink, skryfboeke het ek gou gekoop, in die bladsak gesit en saam teruggery.

By die winkel het ek nog 'n onderwyser, 'n Hollander, ontmoet, wat my belowe het om vir my die volgende Saterdag tot 'n volmaakte ruiter om te skep. Hy het sy belofte gehou wat die eerste, maar nie wat die laaste betref nie en twee van sy skoolkinders saam gebring. Aan sy kort afgebyte spreekwys en uitstekend ruiterskap het ek die onderoffisier uit die kavalerie herken. Die perd wat my geleen is, het wel behoort tot die edel ras, maar ek glo nie dat hy hom sy jeug kon herinner nie. My nuwe vriend was vuriger as my perd en het gou van die stappie na 'n draf oorgegaan. Toe het my edele maar houterige ras al sy vuur bymekaar geskraap om sy

eer op te hou, sy beste beentjie voorgesit, maar my laat skok en stamp op sy veerkragtige(?) pote, dat ek my tande opmekaar mos sit van plesier! Op die end van hierdie aangename oefening het ek gesien hoe bome sowel as gras geskud het van die lag oor die snaakse gesigte wat ek moet getrek het. Die volgende dag het ek gemerk, dat na die sure nie altyd die soete volg, want nòg sit, nòg loop, nòg staan was vir my aangenaam. Ek had ewewel die voldoening om geen sandruiter te gewees het nie.

Wat my baie getref het was die groot verskil in gedrag tussen my teenswoordige leerlinge en die in Holland op skool; ek meen die minder belangstelling en lewendigheid hier op plaasskole. In dorpskole val die verskil weg; daar dra die Suidafrikaanse kind die kroon weg deur sy groter beleefdheid.

Om tot die plaaskinders terug te keer, die oorsaak van hulle gedrag moet toegeskryf word aan die omstandighede waaronder hulle op die Groot Trek verkeer het, waar orde en reël in elke huisgesin 'n eerste plig was. Buitekant die skool in hul vryheid is hulle lewendig genoeg en vol tergerye teenoor mekaar.

Na omtrent 'n maand het die beginners gewys dat hulle vry goed in hulle boekies kon lees en Oom Flip het my daaroor geprys. Om hulle nog meer te brei het ek hulle elke dag 'n Diktee gegee uit die leesles; dit het die klanke rotsvas in hul geheue graveer. Standerds II en III het deur woorde uit die leesles self tot sinne te bou en deur die gebruik van veel diktee hulself 'n woordeskat vergaar waardeur hulle kort opstelle en briewe kon saamstel.

Sangonderwys was hier ver van maklik om te gee, weens die kinders se skaamagtigheid. Hulle het net Psalms gesing; die liedere agter die Psalms is daarby gereken. Nuwes is geleer sing met begeleiding van die viool, as meer ooreenkomende met die stemregister van hierdie jong kinders. „Die meester moet hulle meer onder die lat steek, want hulle sing nie hard genoeg nie," was die grief van party ouers. Ek het daarna nie gehandel nie, omdat die fout nie by die kinders moes gesoek word, maar by die sakke mielies, grondvloer, lae grasdak ens., wat die geluid gedemp het. Dit het my nie geluk, om selfs een van die skoliere so ver te kry, om „do, re, mi," alleen te sing of met begeleiding van die viool nie.

Op 'n middag was ek deur Tante Sannie versoek om die kinders dadelik te laat uitgaan, want hulle moes help om 'n groot grasbrand agter die bult dood te slaan. Natuurlik het ek sonder versuim met al die manlike lede 'n kommando gevorm en, gewapen met boomtakke en nat sakke, die vyand stormenderhand bygedam. Ons het Oom Flip en al die Kaffers gehelp om hulle hutte te red. Die gesig van soveel nuwe versterkings

het die wind vir 'n wyl sy mond doen sluit, wat ons die kans gegee het om die rooi vyand daar die nekslag te gee.

Die grasbrand was vir Paul 'n waarskuwing om sy grasvelde te beskerm. Omdat ons bitterste vyand, die wind, in sy slaap moes verras word, het ons kommando die aand, nou met Paul as kaptein, uitgetrek met dieselfde soort wapens as die middag om 'n voorbrand rond die veld te maak. Dit is 'n pad omtrent 5 yds. breed, al rond die plaas, sodat 'n brand op 'n naburige eiendom ontstaan, geen skade op Witpoort kon doen deur oorspring nie. Dit was nuwe maan en om by die baken van sy plaas te kom moes ons eers dwars deur die veld trek. Daar was onsigbare mierhope en groot klippe om oor te struikel en vir afwisseling erdvark- en ander gate. 'n Groot gelag het altyd opgegaan as nou die een en dan die ander 'n oomblik verdwyn het in die lang gras. By die baken aangekom, word 'n bundel lang gras afgesny, die een end in die hand gehou, die onderend ewe in 'n vlam gehou en met die soort fakkel twee brandende strepe gras gemaak en die buitenste vlamme uitgeslaan, as die breedte van die verbrande gras omtrent voldoende is. Hier moet mens voortdurend agterom kyk, of skynbaar uitgedoofde vlamme nie weer begin het brand nie. Is die kaptein verseker van 'n foutelose werk, dan word die terugtog aangeneem, ook weer met voortdurend omkyk. Dieselfde tonele is afgespeel as op die reis so'n-toe met die verskil dat in die begin val en opstaan vaker gebeur het, omdat ons oë aan die duisternis ontwend was. 'n Kop dampende swart koffie was ons beloning by die huis.

Een agtermiddag het die inspekteur van skole ons kom verras. Hy het my heeltemal op my gemak laat voel. My gewete was skoon met betrekking tot my skooladministrasie ens., maar ek wou my goed voorberei vir toetse op die volgende dag, dus nam ek op 'n geleë oomblik afskeid. Die volgende dag na die ondersoek van die leerlinge en heimlik van myself, begin hy my al pratende na buite te lei en vra my, of ek my vir 'n bepaalde tyd verbind had. Hy was van opinie dat ek op 'n plek met meer leerlinge nuttiger sou wees. Ek moes spoedig besluit as ek wou verander. Tydens die daarop volgende vakansie het ek hom aan sy huis besoek; ek kon dadelik daar begin. Die plek was geleë aan Aapiesrivier en met Augustus het ek my nuwe werkkring op Vasfontein aanvaar, nou nie meer ses, maar met 24 leerlinge.

Ek het meer as een rede gehad om dadelik te verander. Daar was die groter salaris en ek was verloof. Die salaris op gesubsidiëerde skole was gereël na die aantal skoliere. Vir elke skoolgaande kind bo die 6 jaar moes die ouer 'n halwe kroon skoolgeld per maand betaal. Was hy of sy onvermoënd, dan het die Regering hoogstens 40 sjieling per kwartaal per

kind betaal, mits 'n skriftelike verklaring ingesend word, dat die ouers van so'n leerling te onvermoënd is om by te dra. Hierdie verklaring moes onderteken wees deur 'n Veldkornet (in dorpe deur die Landdros) en drie kerkeraadslede. Vir so'n leerling het die Regering ook losiesgelde betaal na ontvangs van 'n verklaring van onvermoë soos bovermeld, mits die ouers of voogde verder as drie myl van enige gesubsidiëerde skool woon, en hulle hul verbind het om daardie leerling vir minstens ses agtereenvolgende maande na hierdie skool te stuur. Die bedrag wat deur die Regering dan sou betaal word, was hoogstens £2 per maand per kind.

My salaris aan die Witpoort-wykskool het deur die 6 kinders maar ongeveer £18 per kwartaal bedra, uitgemaak as volg: Vir ieder kind op 'n buiteskool, wykskool of gesubsidiëerde skool het die Regering £1.10.0 per kind betaal per kwartaal, daarby het gekom £3 ekstra subsidie vir die 6, ook per kwartaal en £5 as gif of skoolgeld vir die 6 kinders ook vir die tyd, terwyl die salaris vir 24 kinders ook £1.10.0 per kwartaal was per kind, + skoolgeld ad 2/6 per maand per kind, dus £45 per kwartaal, terwyl dit vir 30 kinders, die maximum vir een onderwyser kon styg tot £56 per kwartaal. Alleen aan skole, waar die getal leerlinge tot 14 was, is ekstra subsidie betaal, volgens 'n bepaalde skaal vanaf 5 kinders: vir 5 l.l. was dit £2.10.0 en so tot 10 l.l. vir elke kind 10/- per kwartaal meer subsidie, sodat die ekstra subsidie vir 10 l.l. £5 per kwartaal was, maar vandaar af vir elke kind meer dan 10, £1 per kwartaal minder, dus vir 11 l.l. £4 ekstra ens. en vir 15 l.l. geen ekstra subsidie meer.

Ek is nie seker of die skoolgeld boekegeld insluit, of dat die ouers behalwe hierdie geld, ook nog afsonderlik vir boeke moes betaal nie. In die eerste geval was die salaris minder as bostaande natuurlik.

Die bedrag wat die Regering van die Z.A.R. betaal het vir oorkoms van 'n onderwyser uit Holland na die Transvaal, was £40. Dit was vir reis- en verblyfkoste en om die onderwyser se uitgawes te bestry tot hy hier salaris kon trek, dus vir ± die eerste drie maande alhier.

Die eienaar van Vasfontein, Oom Willie, was ouer as ek en had al groot kinders, maar die vier jongstes het skool-toe gekom. Hy was 'n hardwerkende, eenvoudige man, wat sy pligte getrou vervul het, in een woord, hy was 'n man volgens Dawid se beskrywing in Psalm xv. Vir my is hy altyd baie goed gewees. Toe hy verneem van my plan om te trou, het hy dadelik orders gegee om 'n ry kamers aan te bou teen die waenhuis. Daar het ek met my vrou in Julie 1899 my intrek geneem. Voordat ek getroud was en op Vasfontein skool

gehou het, moes ek vir my maaltye die skoolgelde van sy vier skoolgaande kinders betaal. Dit was die voorwaarde.

Ook hier aan die Vasfonteinskool is Katkisasie-onderwys gegee, nie aan almal nie, maar alleen aan wie aangeneem wil word, kinders van 14—17 jaar en dan alleen na skooltyd en eenmaal per week in die skool vir ± driekwartier.

Die losiesgelde soos ook bogemeld het £2 per maand per kind bedra hoogstens en is betaal deur die Regering as die ouers onvermoënd was, wat net so moes bewys word as vir kinders wat nie skoolgeld kon betaal nie. Daar was nogal sulke kinders, wat losies op Vasfontein gekry het, omdat hulle verder as drie myl van enige gesubsidiëerde skool gewoon het en onvermoënd was. Die losiesgelde is aan die end van die kwartaal aan my uitbetaal, tegelyk met die subsidie deur die Onderwys Departement. Ek het die gelde afgedra aan die losiesverskaffers. Verder had ek daar niks mee te doen nie. 'n Bewys van ontvangs was nie nodig nie.

Ons woonhuis het bestaan uit drie kamers, mooi in 'n ry langs die waenhuis. Die mure was van rou stene opgetrek met 'n sink dak. Die middelste kamer het ons gesellig ingerig as sitkamer, met 'n hemel van wit linnegoed, om warmte en kou te matig. Die derde kamer, vroeër 'n perdestal, het nou die aansienlike rol gespeel van kombuis. In die begin het perde hul oue staan- en slaapplek 'n besoek gebring en tot groot skrik van my vrou hul kop onverwags oor die onderdeur na binne gesteek, maar later aan het die gesluite bodeur hul toegeroep: „Verbode toegang" en dat was genoeg.

Daar het ander en meer onwelkome besoekers opgedaag, wat ongenooi en onbeleef in die aand hul besoek het kom afsteek. Hulle was bruin jagspinnekoppe, wat met blitssnelheid die kamervloer gekruis het. 'n Onmiddellik gevolg van hulle verskyning was 'n blitz-krieg tussen my en hulle. Natuurlik was ek sterk vertoornd oor so'n onbeskaamheid. Dit het my maar 'n kort tyd gevat om as oorwinnaar terug te kom en dan het ek my hoor toesing: „Sieht, er kommt mit Preis gekrönt." Die soort jagters is minder gevaarlik as vreeswekkend om hulle gewoonte van hulle weg te steek op onvermoede plekke, waar hulle tog ontdek word, maar met 'n skrik, soos in die toonstukke van skoene, ens.

Minder onskadelike besoekers het ons gekry tussen die top van die muur en die sink. Hoewel hulle ook nagdiere is, het ons hulle in die dag gekry, die skerpione, maar hulle is meer te vrees as die jagspinnekoppe, omdat hulle 'n mens bekruip. 'n Kruistog sonder end het hulle òf uitgeroei daar, òf doen pad gee. Daar was dus afwisseling genoeg, totdat ook ons moes vlug op ons beurt, in die Tweede Vryheidsoorlog.

B. J. OCKELOEN



P. J. L. Venter en P. Ras.

P. J. L. VENTER.

Pieter Johannes Lodewikus Venter is op 5 September 1873 gebore. Hy was 'n kleinseun en naamgenoot van P. J. L. Venter, in 1852 die eerste ouderling van Zoutpansberg, en net soos sy grootvader was ook hy 'n kerkpilaar. Vir twintig jaar lank het hy eers as diaken en daarna as ouderling gedien in die gemeente van Eendracht en daarna van Belfast. Meermale was hy na die Algemene Kerkvergadering afgevaardig. Hy was van 'n sagte beminnelike geaardheid, stil maar tog beslis. Sy christelike lewenswandel was tot 'n voorbeeld vir alger wat hom geken het. Altyd het hy sy plig gedoen. Hy was getroud met Francina Johanna Steenkamp. Op 6 April 1944 is hy na 'n smartlike lyde van bykans twee maande oorlede.

S.P.E.

DIE ONTSLAG VAN C. G. DE JONGE: 'N TRAGIESE VOORVAL UIT DIE RAMPSALIGE JAAR 1899.[1])

De taal is gansch het volk. Hij, die de liefde voor de eigen taal bij het volk vermindert, werkt aan de vernietiging van alle nationaliteitsgevoel, want de taal is het hoofdkenmerk van eene vrije, zelfstandige natie. De natie is één geheel, heeft grenzen, waartusschen zij woont en wie die grenzen niet erkent, maar zegt: van de Kaap tot de Limpopo is het volk één, wischt de grenzen van de verschillende landen en volken in Z.A. uit en verkondigt bovendien eene absolute onwaarheid. De vrije Transvaalsche Boer is een geheel ander wezen dan een verengelschte Kaap Kolonist.

C. G. de Jonge in sy Verweerskrif.[2])

Hierdie woorde was die selfbekentenis van 'n ambtenaar wat die Z.A. Republiek vir meer as tien jaar op 'n getroue wyse gedien het, 'n man wat — in bostaande woorde — 'n gedagte van die meerderheid van die Transvalers en hul Regering op 'n wonderlike wyse geformuleer het. In ons gedagtes gaan ons na die jaar 1899 terug. Donker onweerswolke het 'n dreigende storm voorspel, 'n treurspel het sy klimaks genader. Voordat die jaar 1899 tot die verlede behoort het was Transvaal in 'n oorlog gedompel. Engeland het op die krygsbasuin begin blaas en vir die Republiek was daar slegs keuse tussen veg of oorgee. Die Transvalers het wapens opgeneem ... In Mei 1902 was die stryd ten einde, 'n nuwe vlag het oor Transvaal gewaai! Maar voordat die eerste skote by Elandslaagte en op die Westergrens geknal het, voordat die stryd teen Engeland aangeknoop is, was daar verdeeldheid onder die inwoners van Transvaal. En dit was hierdie onderlinge twis en tweedrag wat die ou wapenspreuk van die Z.A. Republiek — *Eendracht maakt macht* — tot 'n bespotting gemaak het.

Veertig jare het verbygegaan en wat tydgenote waarskynlik minder duidelik gesien en aangevoel het omdat hulle midde in die strydgewoel gestaan het, is vir die hedendaagse beskouer duideliker. Daar was — afgesien van die houding en gedragings van die Engelse in die Republiek — tweedrag onder

[1]) Sien ook Kerkalmanak van 1942 en 1944 resp. bls. 98—132 en bls. 57 e.v. waar dieselfde skrywer oor aanverwante onderwerpe geskrywe het.
[2]) By R.5161/99, 3 Mei 1899.

die Afrikaners in Transvaal. Dit sou te veel plek vereis om hierdie saak in al sy perspektiewe te ontleed. Ons ouer lesers hoef slegs hul eie herinnerings op te fris, ons jonger lesers moet met die volgende besonderhede volstaan. Die twis en tweedrag was op die twee belangrikste gebiede van die geestesaktiwiteite van die Afrikaners: Politiek en Kerk. Aan die een kant het President Kruger met sy aanhangers gestaan, teenoor hulle Generaal Joubert (later S. W. Burger) en sy volgelinge. Die beleid van President Kruger en sy medestanders was om 'n vrye republiek en 'n onafhankelike volk noord van die Vaal op te bou, 'n volk wat vry van vreemde smette sou wees. En hierdie volk moes 'n bolwerk teen die geestelike en politieke invloede van Engeland en verengelstes in Suid-Afrika vorm. Sommige skrywers het dit 'n beleid van isolasie genoem. Met hierdie gedagte kan ons nie saamgaan nie. Wat Kruger en sy ondersteuners wou bewerkstellig was geen isolasie of afsondering van Transvaal nie, maar wel dat elke vreemdeling wat hom in Transvaal kom vestig het, hom by die opvattings van die ou-bevolking van Transvaal sou aanpas. Dié vreemdelinge wat aan hierdie eis wou voldoen is deur die President en sy aanhangers verwelkom. Onderwys en opvoeding was op dieselfde grondslae ingerig. Deur christelik-nasionale onderwys moes die Transvaalse jeug in die godsdienstige tradisies van hul voorouders opgevoed word en tewens tot bekwame landsburgers en patriotte opgelei word. In hierdie proses het aankweek van kennis van en liefde vir die landstaal 'n belangrike plek ingeneem. Want — soos De Jonge dit ook in sy verweerskrif uitgedruk het — het die Regering gereken: *„de taal is gansch het volk."* Dit het nie beteken dat Engels nie as vak in die skole onderrig was nie. In standerds I en II was daar uitsluitend onderwys in en deur middel van die moedertaal, in standerd III is ook aandag aan Engels gewy. Vir die nie-Afrikaanse ouers (hoofsaaklik Engelse) was daar die sgn. Besluitskole en die Staatskole (na 1896) waar *meer Engels* toegestaan was om die oorgang van Engels na Nederlands vir die kinders gemakliker te maak. *Hierdie skole was 'n toegewing van die kant van die Regering om ouers van nie-Afrikaanssprekende kinders in die geleentheid te stel om van Staatsondersteunde of Staatskole gebruik te maak,* indien hulle tenminste van plan was om hul kinders as Transvalers te laat opgroei. Vir kinders van Afrikaanse ouers was die *gewone* Staatsondersteunde skole bedoel.

Teen hierdie beleid het verset gekom. Allereers van die kant van die merendeel van die Engelse ouers. Hulle het privaatskole verkies. Ook van die kant van 'n deel van die Afrikaanssprekendes het verset gekom. En hier kom ons by die Joubert-party. Terwyl Kruger slegs dié vreemde elemente

wat sy gedagtegang wou volg verwelkom het, het die Joubert-party water in die wyn gedoen. Die sterkte van die party was hoofsaaklik die Kaaplandse element in Transvaal wat ander sienswyses as die ou-bevolking van Transvaal gehuldig het. Hulle wou, ondanks die feit dat 'n deel van hulle gaste in die Republiek was, hul lewenshouding op die Transvalers en die Transvaalse Regering afdruk. En dit was o.a. in verband met onderwys: *meer Engels, weg met die Kruger-regering, weg met die Nederlandse amptenare wat die Staatspresident bygestaan het om sy beleid uit te voer*! Die voormanne van die Joubert-party het herhaaldelik die hulp van die Uitlanders ingeroep om hierdie doelstellings te bereik. Meer as een keer het hulle as bondgenote van die Uitlanders opgetree en die vyande van die onafhanklikheid van die Republiek willens en wetens in die kaart gespeel.

Op kerklike gebied neem ons dieselfde groepering waar. Terwyl die Ned. Hervormde Kerk en die (enkel) Gereformeerde Kerk die beleid van Kruger onderskrywe het, het die Verenigde Kerk dit teengewerk. Wanneer ons dit beweer bedoel ons nie elke lidmaat van laasgenoemde Kerk afsonderlik nie. Ons dink hier aan *'n aantal* leidende figure in daardie Kerk. Hulle het die deurslag gegee, hul gemeentes bearbei en georganiseer totdat daar 'n stormram teen die Regering was, 'n instrument wat aan die bevele van sy meesters gehoorsaam het. Vooraanstaande figure in hierdie beweging was — behalwe ds. H. S. Bosman — ds. P. G. J. Meiring (Johannesburg), ds. A. P. Burger (Middelburg), ds. S. J. van der Spuy (Zeerust), ds. A. J. Louw (Heidelberg), ds. M. P. A. Coetzee Jnr. (Pietersburg), ds. J. W. G. Strassheim (Klerksdorp), ds. J. C. Hefer (Rustenburg), ds. J. M. Louw (Boksburg) e.a. In woord en geskrif, op huisbesoeke en vergaderings het hierdie predikante hul invloed laat geld. Om slegs een voorbeeld te gee. In 1899 het ds. A. P. Burger by mnr. J. H. Breytenbach te Wonderfontein (O. Transvaal) vertoef en daar o.a. verklaar dat die onderwyswet „een onding" is, dat daar te min plek vir Engels in die wet is en dat die taal van Transvaal nie Nederlands is nie, maar Afrikaans. Verder het Sy Eerw. verklaar dat die wet juis vir Hollandse onderwysers gemaak was en dat dit moeilik vir Kaapse onderwysers was om aan die eise van die wet te voldoen. „Zoo wordt door die fatale wet het land overstroomd door vreemdelingen, die de zeden en gebruiken van het land niet kenden en die van Transvaal Holland wilden maken." Daarna het ds. B. aan sy gasheer verklaar dat die Hollanders goed kan Engels praat maar dit nou nie wil gebruik nie. „Waarom? Wel — dat is sluwheid. Mocht Engeland zich weer van Transvaal meester maken dan komt die Hollandsche meester, die dan toch eenmaal zich hier heeft neergezet,

en hij zegt: „Zie hier, ik spreek uw taal als mijn tweede moedertaal, laat my voor 't Engelsch gouvernement meester zijn." Tot sover die beëdigde verklaring van mnr. Breytenbach, wat deur die bekende onderwyser en skrywer van skoolboeke C. J. van Rijn opgestel en aan die Regering gestuur is.[1])

'n Ander middel om ontevredenheid met en verset teen die onderwysbeleid aan te kweek en te versprei was die kerklike orgaan „De Vereeniging." Reeds in die vroeë negentiger jare het hierdie blad die onderwysbeleid begin hekel. Die Jameson-inval het die persveldtog vir 'n tydlank onderbreek maar in 1898 is die aanvalle op 'n uitgebreide skaal hervat. Wie „De Vereeniging" van 1898 en '99 deurlees kom onder die indruk dat die aanvalle deur 'n organisasie op tou gesit was. Veral Geo. Hofmeyr het van die kolomme van „De Vereeniging" gebruik gemaak om sy gal uit te stort.

Hy was 'n ou vyand van die Departement van Onderwys. Ook die Algemene Vergadering van die Verenigde Kerk van Transvaal het nie stilgesit nie. In „De Vereeniging" van 30 Maart 1898 kom 'n memorie voor, waarvan afskrifte oor die lengte en breedte van die Z.A. Republiek versprei is. Hierdie memorie was 'n uitvloeisel van 'n besluit wat die Algemene Kerkvergadering van die Verenigde Kerk van Transvaal in daardie jaar geneem het. Die voornaamste punte was die volgende:

(a) Wysiging van wet no. 15 van 1896 (wet op die Staatskole); [1])

(b) Wysiging van die aanvullingseksamens (sodat Kaapse onderwysers gemakliker kan slaag en werk in Transvaal kan kry); [2])

(c) Aanstelling van Afrikaners as onderwysers en inspekteurs;

(d) Meer Engels.

Volgens die opstellers van die memorie was die Staatskole (sien a) in stryd met die beginsel omskrywe in die Mansveltonderwyswet van 1892 nl. dat die onderwys van die ouers en nie van die Staat moet uitgaan. Hier het die opstellers vergeet dat die Staatskole met 'n *politieke doel* opgerig was nl. om Engelse kinders tot getroue en kundige landsburgers op te voed. Vir Afrikaanssprekendes was hierdie inrigtings *nie* bedoel nie. Verder is in „De Vereeniging" van 19 Jan. en 13 April 1898 verklaar dat *ongodsdienstige onderwysers uit Nederland* as

[1]) By R 5161/99.
[1]) Die byvoeging tussen hakies van skr.
[2]) Ibid.

leerkragte in daardie skole aangestel was. Dit is onwaar. In die Pretoriase argief is daar oorvloedige bewyse wat die teenoorgestelde bewys. Waar die skoen hom gewring het, kom duidelik in punt b. uit. Kaapse onderwysers moes die Nederlanders vervang! Transvaal self het feitlik oor geen vakkundig opgeleide onderwysers beskik nie. Daar moes dus uit die buiteland ingevoer word. Vir Kaapse onderwysers, wat 'n verengelste opleiding geniet het, was die Transvaalse owerheid bang. Daarom is van hulle geëis om eers 'n aanvullingseksamen af te lê voordat hulle aan Transvaalse skole kon begin werk. Kennis van Nederlands (die offisiële taal) het 'n belangrike plek in hierdie eksamen ingeneem.

Heelwat Kaapse onderwysers het gesak. Vir Nederlandse onderwysers was dit gemakliker, omdat die offisiële taal van Transvaal en Nederland dieselfde was. Dit neem nie weg nie dat daar baie Kaapse onderwysers aan gesubsidieerde skole in Transvaal werksaam was.

Met die wens om meer Afrikaanse inspekteurs te kry was dit dieselfde. Met inspekteur F. P. Crots, later advokaat en een van die grootste teenstanders van die Transvaalse onderwysbeleid, het die Departement treurige ervarings opgedoen. Op eie houtjie het hy o.a. meer Engels in skole op die Rand toegelaat en in 1894 het hy sy ontslag gekry.[1]) Hy was uit Kaapland afkomstig. Hierdie ervaring het die Regering versigtig gemaak. Onder die Transvaalse onderwysers was daar feitlik niemand wat bekwaam vir 'n inspekteurspos was nie. Tog het die Regering nie geaarsel nie om — nadat bewyse van kennis en vertroubaarheid ontvang was — mnr. T. C. Stoffberg van Vryheid as plaasvervanger van Crots aan te stel. (1895).

Tenslotte: meer Engels. Tereg kon dr. N. Mansvelt omstreeks dieselfde tyd skrywe dat die memorie „hoofzakelijk ten doel schijnt te hebben, het bestaande stelsel van onderwijs onderste boven te keeren!"[2]) 'n Briefskrywer uit Vryheid het in dieselfde jaar o.a. aan die Superintendent geskrywe[3]):

> Mijn doel is en blijft steeds om de onafhankelijkheid van mijn land en volk te behouden en juist daarvoor is in mijne opinie het behoud onzer eigene taal een eerste vereischte. Zij die zoo gaarne de Engelsche taal hier willen doen ingang vinden moeten dus of der Republiek

[1]) In „Potchefstroom 1838-1938" verklaar prof. dr. Chr. Coetzee: „Ek mag nog net daarop wys dat die inspekteur F. P. Crots in 1894 weens sieklikheid van sy vrou afgetree het." Uit die argiefstukke blyk dat Crots die Departement meer as een keer en op verskillende maniere wou bedrieg of bedrieg het.

[2]) L.A. 691, C 33/98 van 16 April 1898.

[3]) OR. 15706/98 H. J. Potgieter, uitgewer van „De Nieuwe Republikein," Vryheid 14 Okt. 1898. Ons kursiveer.

> vijandig zijn of onbekend met den invloed door vreemde talen en zeden uitgeoefend. In beide gevallen is het mijn plicht zulke personen tegen te staan temeer waar *de meerendeels uit Stellenbosch afkomstige predikanten en onderwijzers zoozeer hun best doen om ons Nationaal onderwijs te bederven.*

Dit was die stem van iemand wat naby die Natalse grens in sy onmiddellike omgewing die gevolge van verengelsing kon nagaan!

En dit was èn as 'n bewys van sy pligsbesef èn as gevolg van die houding van verskillende leraars van die Verenigde Kerk èn van die vèrgaande laster in „De Vereeniging" dat Cars G. de Jonge, sekretaris van die Departement van Onderwys sy vlymskerp pen opgeneem het om in die Christelike Skoolblad van die 15e Maart 1899 die teenstanders van die onderwysbeleid aan te val. In sy ope brief het die skrywer o.a. verklaar:

> Ik schrijf, omdat mij 't hart tot schrijven dringt, omdat ik zie hoe beslist de ondergang van het tegenwoordige onderwijsstelsel ook door zekere Kerk gezworen is, en hoe de ringsvergaderingen dier Kerk, die zich nu de Volkskerk gaat noemen, zich met gesloten deuren voorbereiden, om dat stelsel op de beste en doeltreffendste wijze den genadeslag toe te brengen.

In verband met die vyande van die onderwysstelsel en die Superintendent stel De Jonge die volgende vraag:

> Wie zijn dat? Zijn dat de oude getrouwe burgers des lands, die het hunne hebben gedaan om dezen staat te maken wat hij geworden is en die zich steeds kenmerkten door onderdanigheid en gehoorzaamheid aan de Regeering des lands?
>
> *Neen, zij zijn het niet!*
>
> Het zijn voor het tegenwoordige voornamelijk predikanten der Vereenigde Kerk, nieuwe inkomelingen uit andere landen van Zuid-Afrika en hunne volgelingen.

Dan volg die aanhaling:

> Dat hulle op vergaderings en huisbesoek die mense inprent dat het Departement van Onderwijs niet deugt, dat Staatscholen „giftslangen" zijn, dat er een eind moet komen aan de overheersching der Hollanders en dat Afrikaners de zaken moeten besturen. Met die Afrikaners bedoelen zij zichzelven. Dan maken zij het volk niet duidelijk, zij die meerendeels Kaapkolonisten zijn,

dat zij Engelsche onderdanen zijn, als zoodanig geboren, opgegroeid en opgevoed in een tweeslachtig stelsel van Afrikanerisme en Jingoïsme, zoodat zij zelven niet weten of ze visch of vleesch zijn.

Daarna verwyt die skrywer dieselfde predikante dat baie min van hulle burgers van die Z.A. Republiek is, dat baie weer na Kaapland teruggaan en dat hulle nooit vertel nie dat hulle van mense afstam wat òf min lus daarvoor gevoel het, òf nie die moed besit het om by die Groot Trek aan te sluit nie. Maar — hierdie moed en die lus het „met de tijden van voorspoed in de Republiek, met het goud" gekom. Nederlanders het in diè dae die poste gevul en nou moet hulle daaruit verwyder word. Terwyl die Nederlanders vir 'n stelsel ywer wat soveel moontlik vry van „allen Engelschen zuurdesem" is, wil hulle „het half-om-half stelsel, indien niet meer." Hulle sluit hul oë vir eie onbetroubaarheid, vergeet voorbeelde soos ds. J. P. Jooste en wil die algemene vooruitgang van die onderwys onder leiding van dr. Mansvelt nie sien nie.

> En onderwijl werken zij aan de vernietiging van alle nationaliteitsgevoel, aan de achteruitzetting der officieele landstaal, aan de uitwisseling der grenzen in Z.A.;

word deur sommiges die evangelie van vrede gepreek, deur ander bidverenigings gestig, deur 'n derde groep onderwys gegee en

> *door allen tezamen gewerkt om den gehaten Hollander, die niets anders bedoelt buiten zijn broodwinning dan door zijn werk 's lands onafhankelijkheid te bevestigen van het tooneel te doen verdwijnen.* Voorwaar! nooit heb ik bij mijn vol burgerschap van dit land mijn afkomst meer gewaardeerd dan sinds het optreden dezer lieden. Er zijn uitzonderingen, maar ik zeg met den heer Geo. Hofmeyr: ze bevestigen den regel." [1])

Hierdie skrywe — wat volgens die eerste sinne van die *volledige* brief — as 'n waarskuwing vir die burgers bedoel was, was die oorsaak dat De Jonge sy ontslag gekry het. Wel was daar 'n volledige afskrif van die brief deur hom aan die redaksie van „De Vereeniging" gestuur maar slegs dele daarvan is gepubliseer.

Op die 8e April 1899 d.i. ruim 14 dae voor „De Vereeniging" die fragmente van De Jonge se brief gepubliseer het — is op 'n vergadering van lidmate van die Verenigde Kerk te Heidelberg kennis „van de lage, onjuiste aantijging . . . tegen

[1]) „De Vereeniging" 26 April 1899. Gedeeltelik gepubliseer.

onze Predikanten en Kerkgenootschap" geneem. Daar is besluit dat 'n kommissie van ses lede die skrywe van De Jonge onder die aandag van die Regering sal bring, die Regering sal meedeel dat hulle verontwaardig is en dat „wij als burgers en leden alle vertrouwen in hem als ambtenaar verloren hebben." Verder sal hulle die Regering *opdra* om De Jonge onmiddellik te ontslaan. Weier die Regering dit dan sal 'n memorie aan die Volksraad gestuur word. Verder verklaar die vergadering dat hulle met verwondering die stilswye van die Superintendent van Onderwys aanskou het en hulle afvra of hy alles wat De Jonge geskrywe het, beaam. Tot tyd en wyl die Superintendent weier om met De Jonge saam te werk stel die vergadering 'n mosie van wantroue in dr. Mansvelt voor.[2])

Ander gemeentes — waaronder Pretoria — het die voorbeeld van Heidelberg gevolg. In ander gevalle het groepies lidmate van die Verenigde Kerk hul misnoeë te kenne gegee. Die gemeente Pretoria het onder meer die volgende sin van 'n besluit goedgekeur:

> dat de Heer Mansvelt, tot nog toe geen woord van afkeuring heeft laten hooren, waaruit de Vergadering moet afleiden, dat hij genoegen neemt met het „kranig" schrijven van zijn Secretaris, waardoor hij zich het Lidmaatschap onzer Kerk onwaardig heeft betoond.[1])

Van Hartebeestfontein het 28 persone van die Regering geëis:

> om zekere De Jonge F.zoon alias Korach . . . te ontslaan als ambtenaar van wege zijn leugenachtige taal die hij gebruikt heeft in de Nieuwsbladen tegen onze Kerk en Leeraren." [2])

Terwyl hierdie beweging aan die gang was het 'n aantal Kaapse onderwysers 'n kongres te Germiston gehou. Ook daar is die brief van De Jonge afgekeur.[3]) „De Vereeniging" van 12 April 1899 het hierdie besluit gepubliseer en daarby gevoeg dat De Jonge opgetree het as veroordelaar van die Verenigde Kerk „die 72,786 zielen en 31,922 leden in dit land

[2]) Ibid., 26 April 1899 en R. 5161/99. Ons kursiveer.
[1]) Dr. M. was lidmaat van die Verenigde Kerk. R 5161/99.
[2]) R 6844/99.
[3]) Op 27 April 1899 skrywe die Britse Agent te Pretoria aan Milner o.a. "Most of these gentlemen subsequently gave up teaching, and found their way into other occupations. It is some of these ejected members who organised the Germiston Congress — chiefly Mr. George Hofmeyr (attorney) and Mr. Advocate Crotz." (B.A.-H.K. 224/99). Sommige predikante o.a. ds. J. M. Louw het persone aangemoedig om die kongres te besoek. Hulle sou vergoeding van reis- en verblyfkoste ontvang (R. 5161/99).

telt ... In het kort de Kerk, die het meest aanspraak kan maken op de naam van Volkskerk." Die blad het vervolg: „De tijd voor redeneeren met die lui is voorbij, zij willen naar geen rede luisteren. Derhalve laat er nu op besliste wijze gehandeld worden."

Nadat die Uitvoerende Raad 'n deputasie van die Verenigde Kerk en die briewe van die gemeentes te Heidelberg en Pretoria ontvang het is al die stukke, waaronder 'n uitvoerige verweerskrif van De Jonge, in hande van 'n kommissie gestel. Lede van hierdie kommissie was twee lidmate van die Verenigde Kerk nl. die Pretoriase kommissaris van polisie C. E. Schutte en regterlike kommissaris H. Zeiler. Terwyl die aanklaers die onmiddellike ontslag van De Jonge versoek het, het die beskuldigde al sy bewerings, wat hy in sy ope brief gemaak het, met bewyse gestaaf. Hy het o.a. verklaar dat hy hom gegrief voel deur die aanvalle wat deur en in „De Vereeniging" op die onderwysstelsel, op dr. Mansvelt en sy helpers gemaak is „dat in dat blad verguisd werd, wat en wie dierbaar is en ook elk rechtgeaard burger dierbaar zal zijn." Dit het hom gedwing om die pen op te neem:

> omdat de zaak van het onderwijs mij dierbaar is en ik zelfs het belang daarvan hooger schat dan mijne private belangen.

Hy voeg verder daaraan toe:

> *Men vraagt mijne afzetting.* Dat is een standpunt dat eene Kerk, die in de Hervorming meent te wortelen niet mag innemen. De gemeentevergaderingen zijn opgetreden *als bescchuldigers en als rechters. Zij hebben het vonnis geveld, het schuldig uitgesproken, ja zelfs de mate, de hoegrootheid der straf bepaald, nl. mijn ontslag op staanden voet. Dit is, waartegen onze vaderen gestreden hebben, inquisitie, en nu geen Roomsche maar Protestantsche.*[1])

Ons wil die volgende aanhaling nog hierby vermeld:

> en hoewel ik blijf bij hetgeen ik omtrent predikanten (n.b. niet *de* predikanten van de Vereenigde Kerk gezegd heb, wil ik gaarne melding maken van mijne wetenschap en vaste overtuiging, dat er nl. in de Ver. Kerk een aanzienlijk aantal besliste patriottische burgers is, burgers die nog niet op het dwaalspoor gebracht zijn... Zij zijn even nationaal als de beste burger kan zijn. Ook erken ik dat er predikanten zijn, die zich persoonlijk niet schuldig gemaakt hebben aan wat ik anderen onder hen ten laste gelegd heb en wat door mij bewezen is.

[1]) Kursivering van De Jonge.

Op die 5e Mei 1899 het die kommissie aan die Regering rapporteer dat hulle hulself nie bevoeg ag om te oordeel in hoever die ope brief van De Jonge laster bevat nie. Lastersake behoort deur geregshowe ondersoek te word en die rapporteurs beveel aan dat die Regering dit aan die klaers moet meedeel. Op die 1e Julie 1899 het die Uitvoerende Raad, na aanleiding daarvan, verklaar dat hulle „niet bevoegd is om te oordeelen over feiten en beweringen, zooals in deze correspondentie uiteengezet is." Volgens hulle moet die ope brief van De Jonge opgevat word „als hoofdzakelijk te zijn gericht tegen predikanten van een door den Staat erkend Kerkgenootschap." Die Raad betreur dit dat De Jonge:

> op zulk een scherpe wijze in nieuwsbladen heeft uitgedrukt tegen Evangeliedienaren, waardoor de gemoederen in beweging zijn gebracht, beschouwende dat het veel beter zou geweest zijn, indien de heer de Jonge de feiten en beweringen, als door hem uiteengezet, onder de aandacht van de Regeering had gebracht, het tevens betreurende, dat zoo de beweringen van den heer de Jonge juist zijn, er aanleiding tot zijn schrijven bestond.

Verder is besluit om aan die gemeentes van Pretoria en Heidelberg asook aan De Jonge 'n afskrif van hierdie besluit te stuur en almal tewens te berig dat die Regering geen terme gevind het om De Jonge te ontslaan nie.

Hiermee was die saak De Jonge nog nie afgehandel nie. In teenstelling met die belofte van die kerkraad te Heidelberg om eers uitslag van die ondersoek van die Regering af te wag het die Volksraad drie memories met 117 name uit Pretoria bereik voordat die Regering sy mening oor die saak uitgespreek het. In hierdie memories (117 naamtekeninge) is versoek om De Jonge te ontslaan „omreden hij een brief zou hebben geschreven welke beleedigende en lasterijke uitdrukkingen zou bevatten." Verder was daar 'n memorie met 15 name uit Middelburg waarin die Volksraad versoek is om De Jonge te handhaaf. Op die versoek van 117 burgers het die memoriekommissie — bestaande uit L. J. Meyer (voorsitter), B. J. Vorster Snr. en J. H. de la Rey — besluit om die Regering, na goedkeuring deur die Volksraad, op te dra om „aan het verzoek van de *meerderheid* der memorialisten te voldoen" omdat die kommissie van oordeel was:

> dat een ambtenaar een dienaar is van het publiek en zich alleen behoort bezig te houden met de ambstplich-

ten hem door de wet opgelegd en wanneer een ambtenaar misbruik maakt van zijn positie en zich daardoor gehaat maakt bij het publiek hij niet langer als ambtenaar kan aanblijven.

Hierdie aanbeveling is op die 12e September 1899 in die Volksraad voorgelees. Wat het in die tussentyd gebeur? Uit die debatte in die Volksraad kan vasgestel word dat die besluit en besprekinge van die Uitvoerende Raad nie geheim gebly het nie. Verder dat die vyande van De Jonge daarna nie stilgesit het nie, terwyl op 'n onderwysersvergadering te Pretoria, waar ongeveer 600 persone aanwesig was, 'n mosie van vertroue in De Jonge aangeneem is. Wat die memorie-kommissie betref: hulle het geen inligtings omtrent die saak aan die Regering gevra nie, hulle het dit nie nodig geag om De Jonge se skrywe aan die kommissie van ondersoek deur te lees nie en hulle het dit as oorbodig beskou om De Jonge 'n kans te gee om homself te verdedig. „Hier was een brief geschreven door een ambtenaar, waardoor een kerkgenootschap was beleedigd geworden." En dit was voldoende. Raadslid Lombard (Standerton) het betoog dat, indien die Volksraad die aanbeveling van die memorie-kommissie aanneem, die Raad 'n geregshof sal word. Daarna het raadslid Tosen (Piet Retief) gevra of die Volksraad 'n vonnis kan uitspreek want volgens die wet lê die reg om 'n amptenaar te skors of te ontslaan by die Regering. Die Staatsprokureur (J. C. Smuts) het verklaar dat die Volksraad as hoogste mag in die Staat daartoe gemagtig is om die Regering te eniger tyd te gelas om 'n amptenaar te ontslaan.

Meerdere lede het hierdie uitspraak in twyfel getrek. Tosen was van oordeel dat die Volksraad, deur 'n amptenaar sy ontslag te gee, op die terrein van die Regering sal kom. Want — so het hy betoog — die wet het aan die Regering reg gegee om amptenare te ontslaan.[1]) Die Staatspresident, sowel as Schalk W. Burger, wat teen die besluit van die Uitvoerende Raad gestem het, het probeer om 'n uitweg te vind. Kruger het aan die hand gegee om die saak na 'n hof te verwys of — indien die Volksraad dink dat De Jonge skuldig is — om hom oor te plaas. S.HEd. het daaraan toegevoeg: „Anders zouden wij buiten deze twee wegen onrechtvaardig gaan handelen, waarop toch nooit zegen kan rusten." Daar was 'n opgewonde stemming in die Raad. Vir voor- en tegenstanders het die

[1]) Tosen het hier art. 68 en 76 van die grondwet van 1889 bedoel. Art. 68 „De Staatspresident stelt alle ambtenaren aan, of zelf, of bij opdracht door de hoofdambtenaren . . ."
Art. 76 „De Staatspresident heeft de macht, behoudens zijne verantwoording aan den Volksraad, om de landsambtenaren in hunne betrekking te stuiten . . ."

saak De Jonge 'n kwessie van eer geword. Die een groep wou hom verdelg, die ander wou hom reg laat geskied. In die debatte voel ons dat die atmosfeer gelaai was. Verskillende lede het hul ewewig verloor en harde woorde gebruik. Raadslid Louw (Mariko) het o.a. gevra „of dezelfde personen die nu van beleediging spraken, indertijd niet hadden voorgesteld om meer Engelsch op de scholen te onderwijzen . . ." Tosen het verklaar dat die predikante min tyd aan hul gemeentes bestee en hulle te veel met sake bemoei wat by die Volksraad tuishoort. Raadslid Barnard (Rustenburg) het o.a. gesê:

> Als men vandaag den inhoud van den brief naging en men ging tevens na wat de heer De Jonge gedaan had voor de onafhankelijkheid van het land, dan zag men, dat die zoogenaamde Jingo-partij daarvoor haar bloed had gestort en dat misschien binnekort weer zou doen, *terwijl de heer De Jonge zou blijven zitten . . .*" [1])

Die Staatspresident het nog weer probeer om 'n minlike skikking te kry. Hy het oorplasing van De Jonge voorgestel en die Volksraad versoek om dit aan die Regering op te dra.

Op hierdie stadium het die debatte reeds meer as 'n dag in beslag geneem. Op die tweede dag was daar 25 lede van die Volksraad aanwesig (eerste dag 27). Die voorstel van die Staatspresident is met 14—11 stemme afgewys. Daarna is op voorstel van Raadslede Barnard en Ven Rensburg met 13—12 stemme besluit om De Jonge op grond van en in overeenstemming met die versoek van die meerderheid van die memoraliste, onmiddellik te ontslaan. So het die vyande van De Jonge die oorwinning behaal. Teen die voorstel het gestem: J. B. Wolmarans, S. P. Erasmus, N. M. S. Prinsloo, P. J. Schutte, F. G. H. Wolmarans, A. A. Stoop, J. du Plessis de Beer, D. J. Louw, C. J. Tosen, J. Lombard, S. P. du Toit en J. Boshoff. Hierdie minderheid het die volgende besware teen die besluit ingebring:

S. P. du Toit:

(a) Die Volksraad het, deur hierdie besluit te neem, De Jonge onregverdig behandel;
(b) Die Volksraad het verkeerd gehandel deur De Jonge, sonder hom 'n kans te gee om hom te verdedig, te ontslaan.

Tosen:

(c) Die uitspraak is nie in ooreenstemming met die gevoelens van die oorgroot meerderheid van die publiek nie;

[1]) Kursivering deur skr. De Jonge het ook gehelp om die Jameson-stropers naby Krugersdorp te keer.

(d) Die grondwet gee die Regering die reg om amptenare te ontslaan.

Stoop:

(e) Die aard van die beskuldiging en die straf verskil te veel.

* * *

Hier volg 'n aanhaling uit 'n brief wat deur De Jonge op die 22e September 1899 aan 'n vriend van hom geskrywe is.

> Gij begrijpt, hoe het Besluit van den Raad mij schokte op het oogenblik, dat het mij medegedeeld werd. Dit moest wel, want ziel, lichaam en vermogen heb ik ten dienste der goede zaak gesteld. En dan na 12 jaren werkens zulk een slag te krijgen door een tijdelijke Raadsmeerderheid! Maar mijn geloof is niet bezweken. De strijd wordt voortgezet! God *duldt* het onrecht soms, maar de Rechtvaardige *wil* het niet. Zijn weg is in het heiliqdom en dit is wellicht *de* weg, door lijden tot heerlijkheid. 't Is Zijn bestuur, dat niet een middenvoorstel is aangenomen om mij een andere betrekking te geven. Wat zwakke vrienden ook mogen beweren, dat was veel erger geweest. Het genomen besluit zal nog tot de volksconcientie spreken, een middenbesluit had zulks waarschijnlijk niet gedaan.
>
> Groetend en U en ons Gode bevelend
>
> Uw dw. dn.
>
> C. G. de Jonge Fzn.,
>
> Heden nog Secrs. Dept. van Onds.

Aan H. J. Emous,
Amsterdam.

* * *

Baie Transvaalse en Nederlandse bewyse van simpatie het De Jonge in die dae bereik. Sy vriende het hom nie in die steek gelaat nie. Dadelik is 'n beweging op tou gesit om die Volksraad te versoek om die besluit in heroorweging te neem. Die uitbreek van die oorlog het dit verhinder.

Op die 21e September 1899 het De Jonge aan die sekretaris van die afdeling „Witwatersrand en Omstreke" van die Vereniging van Onderwysers geskrywe:

> Moedeloos bij de pakken neer te zitten is geen mannenwerk, 't zou ook geen genoegdoening zijn aan de heilige beginselen, die wij belijden. Al kan het onrecht niet meer *ongedaan* gemaakt worden *herroeping* van een onwettig en *onrechtvaardig* besluit is zeker

> mogelijk. Hoewel persoonlijk zeer gekrenkt, beangstigt mij de gedachte voor mij zelven niet zoo zeer als de vrees en de zorg voor ons Chr. nationaal onderwijs. Immers ik scheef een stuk ter verdediging van ons stelsel, een stuk dat niet weerlegd of ontzenuwd is, en waar men op genieperige wijze mij daarvoor doet vallen, is mijns inziens daardoor ook bewezen dat de vijandschap zich even sterk tegen den verdediger als tegen het stelsel openbaart. De Heere God steunt me in deze beproeving zichtbaar en bezorgt me velerlei vertroosting.
>
> En wanneer straks de sympathiebetuigingen een einde genomen zullen hebben, dan vervulle Hij de leegte in mijn hart en blijve Hij de God mijns betrouwen . . . .

'n Maand later het De Jonge, wat op daardie datum sy ontslagbrief nog nie ontvang het nie, te Elandslaagte die hoogste offer op die altaar van sy tweede vaderland gebring. Hy het nie in sy kantoor bly sit nie. Dr. Mansvelt het later, in 'n brief van een van De Jonge se oud-leerlinge (P. J. v. d. Westhuysen) die volgende woorde aan De Jonge gewy:

> De man, dien wij allen zullen missen, de Heer De Jonge, zal, helaas! niet weder tot ons wederkeeren: zijn strijd voor het Afrikaansche volk, eerst met mond en pen en daarna met het geweer zoo manhaftig gevoerd, is ten einde en terwijl wij met zijn vrouw en kinderen nog over zijn verlies treuren, geniet hij de welverdiende rust, den getrouwen strijder toegezegd.[1])

J. PLOEGER.

---

[1]) Die aangehaalde briewe is in die Pret. argief onder: L.A. 696 (van 22 Sept. 1899), O.D. 284 (kopieboek, bls. 295 e.v.), O.D. 286, bls. 365, 29 Jan. 1900.

Die Nederduits Hervormde Kerk van Afrika

Die Algemene Kerkvergadering.

Die Algemene Vergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika kom minstens een keer in die drie jaar byeen (art. 14 van die Kerkwet), en is saamgestel uit alle diensdoende predikante, en hoogstens twee ouderlinge en een diaken uit elke gemeente, asook die professore in die teologie van weë die Ned. Hervormde Kerk, en die emeriti-predikante, beide met adviserende stem. Die laaste Algemene Kerkvergadering het in Mei 1945 saamgekom.

Die Kommissie van die Alg. Kerkvergadering:
Ds. J. J. Prinsloo J.sn., Voorsitter; Ds. T. F. J. Dreyer, Scriba; Ds. S. Vermooten, Vise-Voorsitter; Ds. E. S. Mulder, Vise-Scriba en die ouderlinge: J. P. Prinsloo, Ring van Trichardtsfontein; C. P. Engelbrecht, Ring van Heidelberg; A. H. Visage, Ring van Pretoria; P. W. du Preez, Ring van Potchefstroom; H. M. P. Visser, Ring van Zeerust en I. J. Joubert, Ring van Rustenburg.

Kuratore van die Pensioenfonds:
Prof. B. de Loor, Ds. J. J. Prinsloo J.sn., Ds. A. Oosthuizen, Prof. C. H. Rautenbach, die Heer J. Hoogland en J. H. H. Janson.

Finansiële Kommissie:
Prof. B. de Loor, Ds. A. Oosthuizen, Prof. Rautenbach, Ds. Abr. Ras, Ds. Joh. Dreyer.

Kuratorium:
Ds. A. Oosthuizen, Prof. de Loor, Ds. Joh. Dreyer, Ds. J. J. Prinsloo J.sn., Ds. E. Mulder, Ds. S. Vermooten en Br. J. H. Janson.

Kommissie vir Evangelisasie:
